Gaan, Maak Jesus Wakker

Laat ons nou vir 'n paar oomblikke bly staan, en ons gaan 'n woord van gebed hê.

2 Ek wil sê dis net 'n groot voorreg vir my om vanaand hier in hierdie Grantway Gemeente te wees, en om julle lieflike pastoor hier op sy platvorm te ontmoet, en hierdie mooi gemeenskap. Ek het daardie liedere geniet, daaragter gestaan, en het die meisies, reken ek was dit, daardie pragtige liedere hoor sing. En daar's niks soos om saam te kom en die Here te dien nie. Is daar? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

3 Nou laat ons net 'n oomblik ons hoofde buig en spreek tot hierdie Een Wat ons kom aanbid het.

4 Ons Hemelse Vader, ons is vanaand bevoorregte mense, om lewend te wees, en hier versamel te wees om U te aanbid, en ons dank U hiervoor. En nou, het ons gekom met geen ander doel behalwe om U te dien nie, en om glorie en lof aan U te gee vir wat U vir ons gedoen het nie. En ons erken beslis ons onwaardigheid. Ons is hierdie nie waardig nie.

5 En om die dag te sien wat ons beleef, wanneer die ligte begin verdof! En ons het vandag 'n opkoms van die profeet nodig, soos dit in die dae van Samuel was, toe Eli, toe hy begin verdof het, en die ligte aan die uitgaan was in die tempel van God. Toe het God opgestaan op die toneel. En ons bid, Here, dat U vanaand op die toneel sal opstaan tussen ons, en Uself lewend sal vertoon, die—die groot profeet van alle profete, die Seun van die lewende God.

6 En ons—ons word in die Skrif geleer dat "God baiekeer en op verskeie maniere gespreek het tot die vaders deur die profete, maar in hierdie laaste dag deur Sy Seun Jesus Christus." O, Here, ons bid dat U in ons midde sal wees vanaand om—om U Teenwoordigheid aan ons bekend te maak, deur U groot werke en manifestasies.

7 Seën hierdie samekoms, Vader, sy pastoor, hierdie lieflike welkome, goedhartige man, en sy . . . en al sy trustees, diakens, en die gemeenskap. En mag dit net sommer 'n groot tyd van gemeenskap wees. En ons vertrou dat ons hier sal uitgaan vreugdevol, sê: "Was ons harte nie brandende in ons, toe hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Want ons vra dit in Jesus se Naam, U Seun. Amen.

8 Dit voel regtig goed om in die kerk terug te wees. Ek was weg vir 'n paar dae op 'n—'n—'n vakansie, daar op 'n tog, 'n jagtog, en het teruggekom. En om jou weer agter op die platvorm te voel, dit voel net werklik goed.

9 En nou het ek hierdie uitnodiging van julle pastoor hier, Broer Mack, paar weke gelede gehad, om hierheen te kom. Maar dit gebeur so dat, julle weet, die oproepe, en plekke om heen te gaan, totdat ek—ek nie 'n kans gekry het om dit na te kom nie.

En môre moet ek opgaan na Phoenix.

10 En dan vertrek ons die volgende dag na New York vir die nuwe ouditorium wat pas daar gebou is, en ons kry die eerste paar dae daarin. En so is ons by Broer Arne Vick, en—en die kerke wat borg. En ons is. . . Ek's seker julle pastoor ken Broer Vick. En, nee, nie Arne Vick nie. Verskoon my. Reken dit was John, dalk broer, en die Klipkerk, die pastoor van die groot Klipkerk, wat die grootste Pinkstergemeente in New York is.

11 En dan kom ons daarvandaan terug daar na Shreveport, Louisiana toe, vir 'n konvensie daar saam met Broer Jack Moore. Ons was elke Danksegging daar. Die drie Dankseggings gelede, het ek 'n byeenkoms daar begin; die Here het, liewer. Verskoon my. En die herlewing het sedertdien nooit geëindig nie. Voortdurend, kom mense in, word gered, en vervul met die Heilige Gees, voortdurend sedert daardie tyd. En die herlewing duur voort. En ons het vyf dae by hulle. En dan dink ek met . . .

12 Kom dan terug na. . . op na Phoenix, om die negentiende te begin by die Ramada Inn daar. Die eerste, die negentiende, twintigste, een-en-twintigste, twee-en-twintigste, en drie-en-twintigste, dink ek, is 'n byeenkoms. Gewoonlik, gaan ek van kerk tot kerk, voor die Christen Sakemanne se konvensie. Maar ons het probleme met. . . Jy begin die eerste kerk, dan is die volgende een dalk klein, en die mense kan nie inkom nie. En so voel ons, dan, as ek die Ramada kon kry, wat sitplek daar het, o, vir drie- of vierduisend, wel, dan kan ek hulle almal saam kry, almal saam, en voortgaan vir vier aande voor die Volle Evangelie Sakemanne se konvensie. En ek gaan twee aande wees, dink ek, twee aande daarin praat. Wat, Broer Roberts en sommige goeie sprekers praat by daardie byeenkoms.

13 En dan, daarvandaan, na Visalia. En dan het ons tot omtrent Maart, hier in die Verenigde State. En dan gaan ons Europa toe vir 'n toer, tot Junie, en hulle het die wêreldkonferensie daar. En dan, ook, moet ek vyf aande praat by Philadelphia, op die pad terug, by die Volle Evangelie Sakemanne se Internasionale konvensie. En dan gaan ons, daarvandaan, na Durban, Suid-Afrika, en verder, om op die tweede September te begin tot die sesde. En verder op na Johannesburg, en voort na Kenia en Nairobi, en daardeur.

14 En so versoek ons, waar ek dit aankondig, sekerlik voorbidding, vir wanneer ek 'n groot opregtheid en gevoel kry van mense wat bymekaar is, wat Christene is. Dis my sterkte, is in Christendom, en mense wat vir my bid. En ek—ek vra sekerlik julle voorbidding. En doen julle dit vir my, as julle sal.

15 Nou, vanaand, wil ons nie te veel tyd in beslag neem nie, want dis—dis—dis Sondagaand, en julle moet Maandag werk. Maar ek praat graag oor die Here, en ek sal probeer om dit net so gou as moontlik te maak. En ek reken my seun het gesê dat hy ’n paar gebedskaarte uitgegee het om vir die siekes te bid, as die Here so lei op daardie manier, om te bid vir die siek mense.

16 Nou, met bid vir die siekes, is ons . . . Dis al wat ons kan doen, is net vir die siekes bid. As daar enige genesing is, moet dit van God af kom. En nou, om te dink oor daardie dinge terwyl ons praat, al die moontlikhede wat jy nodig het vir genesing, is alreeds hier, toe Jesus Christus die Seun van God hierdie dinge op Golgóta gekoop het. En hulle is oop vir wie ook al wil, kan Goddelike genesing verkry. Die enigste ding wat dit verg om dit te opereer, is julle geloof.

17 Dink net, elektrisiteit is in die drade, maar jy moet die knoppie druk. Sien? Jy moet die knoppie druk. En deur geloof druk jy die knoppie, glo dat dit sal opereer. Nou, as al die drade reg gekoppel is, en die stroom is in die draad, dan wanneer jy die knoppie druk, gaan iets gebeur. Wel, dis dieselfde as wat dit met Goddelike genesing is, met redding, of al die eienskappe waarvoor Christus gesterf het, om vir ons te gee. Alles is afgehandel op Golgóta. En al ding wat ons moet doen, is, deur geloof, die knoppie te druk. En dan gaan dit, daar lig dit, julle sien. Dis net so eenvoudig. En daar . . .

18 Ons wat vir die siekes bid, baiekeer plaas hulle op ons die naam Goddelike geneser. Maar daar is eintlik . . .

19 [Iemand praat met Broer Branham oor die klankstelsel—Red.] Nou goed, meneer. Dankie.

20 Eintlik, is daar nie so-iets soos ’n—’n Goddelike geneser nie, want Christus is daardie Geneser. Sien? En daar is nie so-iets soos ’n Goddelike redder, onder mense nie. Christus is daardie Redder. En dink net, dat elke persoon wat gered is, of ooit gered sal word, is gered op Golgóta. Dis daar waar “Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” Net daar, het daar vir ons.

21 Nou, die enigste ding is, verkondiging van die Woord. Jesus Christus, die Seun van God, het Sy dissipels opdrag gegee om in die hele wêreld in te gaan en die Evangelie te verkondig daarvandaan, het gesê: “Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

22 En ons vind altyd drie klasse mense onder die gemeente, dit is: ware gelowige, skyngelowiges, en geen-gelowiges. So ons . . . Hulle is almal daarbinne vermeng. Hulle was in Sy dag. Ons het hulle nou.

23 Maar die ware gelowige probeer nie om een of ander groot intellektuele toespraak uit te vind, of ’n welgeklede persoon, of ’n meester van homself op die platvorm nie. Maar met eenvoudige

geloof. . . Christus is so eenvoudig, dat, die wyse daar bo-oor gaan. Hulle vind dit nooit. En, tog, is dit so eenvoudig soos—soos jou regterhand. Julle weet, Jesus het eenkeer die Vader daarvoor gedank, dat: "Hy hierdie dinge verberg het vir die wyse en verstandige, en dit openbaar het aan die babas wat wil leer." Sien?

24 En vandag, wanneer ons kerke soveel Hollywood-vertoonkuns raak, in plaas van net gewone eenvoudige Evangelie, sien, dit het 'n klere-parade geword, en 'n—en 'n intellektuele uitset, totdat dit mense blykbaar verwar. Maar ek—ek hou daarvan net soos die Bybel dit hier het, net eenvoud, om te glo die werk is afgehandel deur daardie Grote, Jesus Christus, en Hom het ons lief en loof ons.

25 Nou laat ons oor Hom praat, maar laat ons eers iets lees uit Sy Woord. Ek hou daarvan om Sy Woord te lees, want die Bybel het gesê, dat: "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God." Nou, ons, hoeveel glo die Woord van God? Laat ons sien. O, dis mooi. As ons daardie Woord glo, dis al wat ons hoef te doen, as ons Dit glo. Nou, dis die belangrikste ding, as ons Dit glo.

26 En let nou op, soos die dae verbygaan, moet ek verander. Ek moet sê: "Wel, verlede jaar het ek—ek—ek 'n sekere ding gedoen, maar ek het dit nie reg gedoen nie. Ek leer meer daaroor." Julle doen dit. Ons doen dit almal; wetenskap doen dit. Wetenskap sal iets tot stand bring, sê: "*Dit* is wetenskaplik so." En binne 'n jaar, is dit wetenskaplik nie so nie. Maar die probleem daarmee is, met hulle, hulle wil dit nie erken nie. Ons moet dit erken, en sê dat ons verkeerd is. Sien?

27 Maar, daar's een ding van God, Hy maak geen foute nie. En Sy eerste besluit is Sy enigste besluit, omdat Hy oneindig is. En om oneindig te wees, dis volmaak maal volmaak, plus volmaak. En, volmaak, is oneindig. Hy het alle dinge geweet van die begin af. Hy hoef nooit 'n woord terug te trek nie. Hy hoef nooit te verbeter nie, want Sy eerste besluit is die enigste besluit wat ooit geneem kan word. Hy leer nie meer, word nie slimmer, soos ons voorgee om te doen nie. Maar Hy was volmaak, van die begin af.

28 So, gevolglik, wanneer enigiets wat ons in die Bybel lees, wat, ons vas glo die Woord van God te wees. En wanneer ons Dit lees, kan ons ons siel reg Daarop laat rus. God kan Dit nooit verander nie. As Hy verander, dan is Hy—is Hy net soos ek is, sien, is Hy eindig, en is Hy vol foute. Maar Hy is nie eindig nie. Hy is oneindig, en Hy kan nie 'n fout maak nie.

29 Gevolglik, toe die eerste persoon na Hom gekom het, met die probleem wat jy vanaand het, as dit vir verlossing is, is die plan wat God neergelê het, om daardie man mee te red, dieselfde plan waardeur Hy jou red. En Hy het een plan gehad, en dit was deur die vergote Bloed. En het 'n man na Hom gekom vir siekte, op

die basis waarop Hy daardie man genees het, moet Hy vir ewig daardie selfde ding hou. As Hy oor 'n onderwerp opgetree het, op een manier eenkeer, en op 'n ander manier 'n ander keer, dan sou jy nie weet hoe om Hom te benader nie. Maar, julle sien, Hy moet presies dieselfde optree elke keer, daarom het ons vertroue in Hom. Sien?

30 En as enigiets nie gebeur, waarvoor ons gevra het nie, moet ons nagaan en kyk waar die draad gegrond is. Sien? Daar is iets verkeerd, êrens. Dalk het te veel druk 'n sekering laat smelt, julle sien. Maar ons—ons moet die ding regkry. En dan as elke . . . as ons . . . as ons . . . As ons gees ons nie veroordeel nie. Sien? As ons nie veroordeel word nie, dan het ons guns by God, weet ons ons gaan kry waarvoor ons vra. Ons het ons versoek omdat ons nie veroordeel word nie.

31 Maar wanneer ons veroordeel word met ongeloof, sonde van enige soort . . . En sonde is ongeloof. Daar's net twee tipes, twee dinge waarvolgens elke persoon in die wêreld lewe, dit is, óf geloof óf ongeloof. Daar is geen halfweg tussenin nie. Daar is geen dronk sober man vanaand nie. Daar is geen swart wit voëls vanaand nie. En daar is geen sondaar-heiliges nie. Dis óf wedergebore óf nie wedergebore nie. Ons glo óf, óf ons glo nie.

32 Daarom glo ek, dat wanneer Jesus die aarde oordeel . . . Wat, God sal die wêreld oordeel deur Jesus Christus. Ek glo dat ons volgens hierdie Bybel geoordeel sal word. Nou, God kan nie regverdig wees, soos ons glo, en soewerein soos Hy is, en nie een of ander standaard hê waarvolgens ons geoordeel word nie.

33 Wel, as hulle sê ons sal . . . "Hy gaan die wêreld oordeel volgens die kerk." Nou, wat is die kerk? Sien? Die Katoliek sê: "Ons is." Wel, watter Katoliek? Wel, die Roomse sê: "Ons is." Die Grieke sê: "Nee, nee. Ons is." Sien? En die Metodiste sê: "Ons is." Die Baptiste sê: "Ons is." En die Pinksters sê: "Ons is." En die ander sê: "Ons is." Sien? Maar ek . . . Dit sou te verwarrend wees. Mense sou nie weet wat om te glo nie.

34 Maar: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon," dieselfde gister, vandag, en vir altyd. *Hierdie* is waarvandaan ons oordeel kom, die Bybel, so laat ons elke Woord plegtig glo.

35 En ek het gesê, daardie egte, wedergebore ondervinding sal elke belofte van God met "amen" beklemtoon. Hulle sal nie probeer sê: "Wel, dit was vir 'n ander dag" of: "Dit is nie vir ons nie. Die Heilige Gees was vir mense destyds in 'n ander dag," nie. Nee, nee.

36 Petrus het gesê, op die Pinksterdag: "Die belofte is vir julle, vir julle kinders, vir hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep."

37 Jesus het Sy Kerk opdrag gegee, gesê: "Gaan julle in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word. Hy wat nie glo nie, sal veroordeel word, en," is 'n voegwoord: "vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf; met nuwe tale sal hulle praat; slange optel of dodelike goed drink, sou hulle nie skade doen nie; hulle hande op die siekes lê, en hulle sal gesond word." Nou, dis—dis óf reg, óf dis verkeerd. Vir my, ek's eenvoudig. Ek—ek glo net dis reg, en dis al waarop ek moet staatmaak. Hulle wat dit probeer wegverduidelik, ek—ek kan dit net nie sien nie. Ek glo dat dit die Woord van God is, en dis die Waarheid.

38 Nou, ek mag dalk nie genoeg geloof hê, om dit alles te doen nie, maar ek sou beslis nie in die pad wou staan van iemand wat wel genoeg geloof het nie. Ek mag dalk nie genoeg geloof hê om soos Henog te wees, wat 'n middagstappie geneem het saam met God, en nie hoef te gesterf het nie, net opgeloop het Huis toe. Maar ek sou beslis iemand dit nou wou sien doen, julle weet. Ek—ek sou beslis nie in sy pad wou staan, om dit te doen nie. Ek bid vir daardie soort geloof, want dis die soort geloof wat ons sal moet hê. "Ons wat lewend is en oorgebly het by die Koms van die Here, sal verander word in 'n oomblik, in 'n oogwink, en opgeneem word saam met die opgewekte dooies, om die Here te ontmoet in die lug, en vir altyd by Hom te wees." Dis ons hartsbegeerte.

39 Nou, laat ons nou blaai na Matthéüs, die 8ste hoofstuk, en begin met die 23ste vers, om 'n—'n klein Skriffie hier te lees, om 'n konteks, of 'n teks, liewer, te kry vir die konteks van 'n—'n paar Skrifte wat ek hier neergeskryf het, waarna ek wil verwys, en 'n paar opmerkings, notas. Mattheus 8:23, om te begin, en lees die 27ste vers, ingesluit.

> *En toe Hy in die skuit klim, het sy dissipels Hom gevolg.*

40 Ek hou daarvan. Hulle het Hom gevolg oral waar Hy gegaan het.

> *En daar het 'n groot storm op die see gekom, sodat die skuit toe was onder die golwe; maar Hy was aan die slaap.*
>
> *Daarop kom sy dissipels en maak Hom wakker en sê: Here, red ons, ons vergaan!*
>
> *En Hy sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot stilte gekom.*
>
> *En die manne het hulle verwonder en gesê: Wat vir 'n mens is Hy, dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam is?*

41 Nou as die Here wil, wil ek net 'n klein kort versie daaruit haal; klink soort van vreemd, drie woorde: *Gaan, Maak Jesus Wakker*, of: "Roep Jesus op die toneel."

42 Nou, dit was op 'n grootse tydstip in ons Here se byeenkoms, of Sy aardse bediening. En ek glo dat Sy aardse bediening nooit geëindig het nie, omdat Hy nou in Sy mense is. God was in Christus; Christus in die mense. En Hy doen Sy selfde werke nou wat Hy toe gedoen het. So Hy het moeg geword, en was uitgeput deur die dag, in die vorige hoofstuk, volgens—volgens Markus 4:35. Ons vind daar dat Hy Petrus se vrou se moeder genees het van 'n koors, en daar was baie groot wonderwerke wat Hy gedoen het.

43 En ons vind hier dat Hy met gelykenisse onderrig het, altyd gegaan het om te doen wat die Vader gebied. En dit sou goed wees as ons almal Hom as ons voorbeeld geneem het; altyd met die Vader se sake besig.

44 En Hy moes moeg en uitgeput gewees het, op Sy manier. En ek sien Hom, Hy het nodig gehad om na Galiléa oor te steek. En soos Hy begin oorsteek, moeg en uitgeput, krag het van Hom uitgegaan, van al hierdie dinge wat Hy gedoen het, preek, bid vir die siekes.

45 En Hy het geweet, omdat Hy God was, en Hy het geweet daar lê 'n groot taak voor. En Hy het geweet daar was 'n besetene daar in Gadára, wat vir jare 'n wilde man was, 'n jong kêrel, soos ons vertel word, wat sy—sy menslike verstand verloor het, en daar in die grafte geleef het met die bose gees. En watter plek vir 'n mens om te leef, in 'n begraafplaas, maar dis baie geskik vir 'n duiwel om tussen dooie dinge te wees. So het hy daarbuite gelewe, en was so vreeslik aangetas deur hierdie demone, totdat hulle—hulle (hy—hy) kettings gebreek het, en sy krag was superkrag.

46 En het julle ooit 'n man gesien wat getref is deur 'n bose gees soos daardie? Hy is etlike male sy krag. Hoe het ek hulle nie opgelet in dienste nie, toe groepe polisie hulle nie eens kon vashou nie. Hulle sou hulle aan stukke skeur, en hulle opsy gooi, en—en uitkom in die . . . en tekere gaan.

47 Hy's ver . . . Omdat hy so ten volle oorgegee is aan die bose, het dit van hom besit geneem, en het hy nie sy eie verstand gehad nie. Hy het net gedoen wat die bose gees in hom gesit het om te doen.

48 Toe het ek gedink, met 'n volkome oorgawe aan die duiwel, kan 'n man vyf maal sy krag gee, wat sou 'n volkome oorgawe aan God aan 'n mens doen? Wat sou dit doen aan 'n kreupele wat swak van liggaam is, en nie kan loop of iets nie? As ons maar net volkome kon oorgee aan die Heilige Gees, gee ons superkrag, om op te staan in die Naam, want: "Groter is Hy wat in julle is, as hy wat in die wêreld is." Sien? Jy . . . Die—die krag van God, wat in jou is, is groter as enige beproewing wat oor jou kan kom. Daar

is niks wat jou kan inhaal, wat jou kan oortref nie, omdat jy vol superkrag is. En daardie superkrag is die Heilige Gees wat jou lewe oorheers, as jy 'n Christen is.

49 En hierdie groot taak het tussen Hom en die volgende dag gelê, en Hy het dit geweet. En toe terwyl die skip die see oorgesteek het, het Hy die geleentheid benut vir 'n biejtie rus. Nou, die broer, pastoor hier, en die ander predikers, weet wat dit beteken tussen die oggenddiens en die middagdiens. Baiekeer, veral wanneer jy 'n paar rowwe myle kry soos ek het, wil jy graag gaan lê en 'n paar minute rus, julle weet, is sommer net moeg.

50 En onthou, Jesus was menslik; soveel menslik, Hy kon sterf; soveel menslik, Hy kon ween; soveel menslik, Hy kon honger word. Hy was, in een sin, menslik, omdat Hy die skeppende Seun van God was. God het in Hom gewoon. Nou, maar Hy was menslik. En Hy was menslik en God, tesame. God het 'n Bloedsel geskape in die skoot van die maagd Maria.

51 Wat, ons weet die bloedsel, die hemoglobien, kom van die manlike geslag af. 'n Hen kan 'n eier lê, 'n voël; maar as sy nie by die mannetjie was nie, sal dit nie uitbroei nie. Dis nie vrugbaar nie. So dit kom van die manlike.

52 En in hierdie geval, was die manlike God, 'n Gees, Jehova, die Vader. En Hy het die maagd oorskadu en het hierdie Bloedsel geskape wat die Mens, Christus Jesus, voortgebring het, wat die Seun van God was. Nou, Hy was nóg Jood, nóg Heiden. Hy was God. Want, julle sien, Hy was nie Joodse bloed nie, Hy was ook nie Heidense bloed nie. Hy was God se Bloed, skeppende Bloed om ons te verlos. So daar's nóg Jood nóg Heiden wat kan sê Hy het aan ons behoort of wat nie. Hy het behoort . . . Hy het geseterf vir Adam se gevalle ras, vir beide kante, vir alle mense, oral wat Hom sou glo.

53 Nou, neem hierdie bietjie rus; Sy dissipels het na hulle seile teruggegaan. Ek sou my voorstel hulle was nogal seemanne, want hulle sou daar by die see gebore gewees het, en daar grootgeword het, en al die—die besonderhede van die see en hierdie bedrieglike waters geken het, en waar die strome was, en waar die vis was, en die ure en tye. Toe vat hulle hulle spane en het Hom gevolg. Hy het oorgesteek na Gadára. Hy het pas 'n herlewing afgesluit aan hierdie ander kant, waar Hy die see wou gaan oorsteek.

54 Nou, moeg gewees, gaan Hy terug na die agterkant van die skip toe, en—en een van die skrywers het gesê Hy het gaan lê op 'n kussing: moes moeg gewees het. En dink julle net vir 'n paar oomblikke, en hoe Hy geswoeg het om ons te red. Al hierdie dinge was vir ons beswil. En Hy gaan agtertoe, om te gaan lê. Nou, die dissipels . . .

55 Die herlewing is verby. Die herlewing van daardie dag is klaar, en nou is hulle terug by hulle taak van roei en seil. En

hulle moes verheug gewees het oor die werke wat hulle Hom sien doen het. Die werke wat Hy gedoen het, moes Sy dade bespreek het; want Hy was agter in die boot, aan die slaap.

56 En ek dink dit, hele lot, is van toepassing op hierdie tyd waarin ons lewe, sien, die herlewing waardeur ons pas is, hierdie pinksterherlewing, groot genesingsherlewing wat die hele wêreld omgeskud het. Dink net, herlewingsvure brand op elke heuwel oor die wêreld, oral en om die wêreld. Ek bereis dit, voortdurend. Maak gereed om nog 'n wêreldtoer te maak. En in elke land, en in elke nasie, brand die herlewingsvure van pinkster. Die Presbiteriane ontvang dit, die Baptiste, die Lutherane, die Metodiste. Dit is sekerlik die laaste nagwaak dat wanneer God Sy mense roep. En hierdie groot vure van herlewing brand.

57 En hierdie dissipels, soos ons vandag is, die herlewing was verby. En hulle het saamgekom daar aan die voorkant van die skip, dalk, of by hulle roeispane, en hulle was aan die praat oor wat Hy gedoen het, Sy werke, wat Hom vir hulle duidelik verklaar het, van te wees waarop Hy aanspraak gemaak het.

58 Nou, julle weet, 'n persoon kan aanspraak maak daarop om byna enigiets te wees. Maar dit is nie die teken dat hulle is waarop hulle aanspraak maak te wees nie. Sien? Ons—ons vind dit in elke fasset van die lewe. Ons kry verkoopsmanne wat voorgee om verkoopsmanne te wees, en hulle is nie. Ons kry elektrisiëns wat voorgee om elektrisiëns te wees, en hulle is nie. Ons kry werktuigkundiges wat voorgee om werktuigkundiges te wees, en nie is nie. En ons vind manne wat voorgee om Christene te wees, en nie is nie.

59 Jesus het duidelik gemeld wat 'n Christen was. Sien? "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg," sien, wat hulle sou doen, wat die gelowige Kerk sou doen. En Hy synde God, en oneindig, Hy—Hy—Hy het gesê: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit faal nie." So, dit moet ewig so bly. Hy het dit gesê. Ek glo dit.

60 Nou, die dissipels bespreek met mekaar, wat Sy werke, alreeds gedoen, en hoedat mense dit ontvang het. Dit kon dalk hulle gesprek gewees het, oor Hom wat die Messias was. En daar was geen twyfel in sommige mense se gemoedere nie. Byvoorbeeld, hulle kon dalk gesê het: "Nou, Moses het gesê die Here ons God sal 'n profeet laat opstaan soos hy. Wie ook al nie na hierdie profeet sal luister nie, sal afgesny word van die volk. Nou, ons weet Messias sou 'n God-Profeet wees. Hy sou 'n Mens wees wat 'n—'n Superprofeet sou wees. Hy sou God van die profete wees, maar, nogtans, in aksie sou Hy 'n Profeet wees, omdat die Woord van God slegs na die profeet kom. 'Die Woord van God kom na die profeet.'" Nou, en dan Hy synde . . . Dit was slegs die

Woord wat na die profete gekom het, maar Hy was die Woord. Sien? Dis die verskil. So Hy moes 'n Profeet wees.

61 En ongetwyfeld het hulle gepraat oor toe, Simon, toe hy Hom die eerste keer gesien het, en Hy hom gesê het wie hy was, wat sy vader se naam was. En, wel, hy het geweet daardie Man het hom nie geken nie, toe het hy geweet dit moes 'n profeet wees. En dan toe Filippus dit gesien het, en gegaan en Natániël vertel het, en Natániël teruggekom het om te sien, en wat aan die gang was. En Jesus het met hom gepraat en gesê: "Aanskou 'n Israeliet," het daar gestaan in die gehoor, julle weet, by Filippus, het gesê: "in wie daar geen bedrog is nie."

62 Hy het gesê: "Rabbi, wanneer het U my geken?" Met ander woorde, dit was die eerste keer wat hulle Hom ooit gesien het.

63 Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." O, goeiste!

64 Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Seun van God, die Koning van Israel." Nou, dit het Hom Messias gemaak.

65 En dan, natuurlik, het daar sommige van die groot ortodokse bygestaan, wat dit nie geglo het nie. En hulle moet aan hulle gemeente verantwoord. Hulle het gesê: "Hierdie man is Beëlsebub. Hy het die gees van Beëlsebub." En Beëlsebub was 'n duiwel, wat 'n fortuinverteller of 'n heks was. "En dis hoe hy dit doen. Dis telepatie, dat hy hulle gedagtes lees deur toorkrag of iets van daardie aard, en dit maak hom 'n duiwel."

66 Jesus het vir hulle gesê dat alle soorte lasters die seun van die mens vergewe sal word, behalwe om die Heilige Gees te laster. Sien? En die Heilige Gees was nog nie gegee nie. So wanneer die Heilige Gees sou kom, en sou na die Versoening gemaak was, en om die werk te doen wat Jesus het, sou dit 'n onvergeeflike sonde wees om dit 'n bose gees te noem. Dink daaraan. Sien? Nadat . . .

67 Jesus, Hy was daar om die Woord te manifesteer. Die mens was steeds in sonde, net met 'n dierlike offerhande. En die lewe van die dier kon nie op die gelowige kom nie, omdat dit 'n dier was, en dit was 'n—'n menslike wese. En die dier het nie 'n siel nie, die mens het. En hier was die Koning van siele, God Self, gemanifesteer in die persoon van Sy Seun, Jesus Christus. En toe Hy gesterf het, kom die Gees van God terug op die gelowige. En dan 'n persoon wat geleentheid het om Dit te ontvang, en dan die werking van daardie Gees "die duiwel" noem, dis onvergeeflik. Dit kan nooit vergewe word nie.

68 Nou, my ou moeder van die suide, toe ek net 'n klein seuntjie was, voor ek bekeer is, sy was toe 'n goeie vrou.

69 Ek het die voorreg gehad om my moeder na Christus te lei, en haar te doop, en haar te sien sterf, hou haar hande terwyl sy sterf, en praat van Jesus totdat sy nie eens meer kon praat nie, prys Sy Naam. Ek het gesê: "Moeder, as jy Hom steeds liefhet,

knip jou oë," en sy knip net haar oë, en die trane loop teen haar wange af, toe sy gegaan het om God te ontmoet.

70 En sy het altyd vir my gesê, voor sy van beter geweet het: "Billy, wanneer die—die laster van die Heilige Gees die onvergeeflike sonde is," het sy gesê: "beteken dit 'n mens wat sy eie lewe sou neem, hy kan nie daarvoor vergewe word nie." Dit was haar idee daarvan. Maar later verstaan ons dat *laster* is om "belaglik te maak, of te spot met, praat oor en bespot die Heilige Gees."

71 En Jesus het hier vir hulle vertel, gesê: "Julle kan daardie dinge sê en My Beëlsebub noem, dit, Ek sal julle daarvoor vergewe. Maar wanneer die Heilige Gees kom, nadat Ek weg is, dan is dit onvergeeflik, om—om dit te laster. En wanneer Hy kom . . . " Hy, wat nou nie 'n gedagte is nie, dit is 'n Persoon. *Hy* is 'n persoonlike voornaamwoord. *Hy* is 'n Persoon. "En wanneer Hy kom, sal Hy nie julle oortredinge daarvoor vergewe nie. Sien? Hy sal absoluut die werke doen wat Ek doen. Hy sal My bedieing voortsit. En Hy sal julle hierdie dinge leer wat Ek julle geleer het, en sal julle dinge wys wat sal kom." Sien?

72 "Want die Woord van God," Hebreërs 4: "is skerper as 'n tweesnydende swaard, en maak skeiding tot selfs op die murg van die been, en 'n Onderskeier van die gedagtes wat in die hart is." Die Heilige Gees onderskei, sien, omdat Dit die Woord is. Hy is die Woord. "En die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, 'n Onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart." O, hulle behoort dit te geweet het.

73 Dan, dan al hierdie dinge wat hulle bespreek het, en hoe die vrou by die put nadergekom het, en baie ander dinge, blinde Barteméüs, en die dinge wat hulle Hom sien doen het. En dan moet hulle dit bepreek het. En hulle was oortuig dat dit die Messias was, geen ander mens sou Sy plek kon inneem nie.

74 Waarom dan? Hulle het vir honderde en honderde jare geen profeet op die aarde gehad nie. En ewe skielik, het daar 'n profeet opgestaan met die naam van Johannes, neem geen krediet vir homself nie, maar verklaar dit, kondig dit aan, liewer, dat: "Die Messias is juis nou onder julle. Sien? Daar staan Een tussen julle." O, goeiste! Hy was vasbeslote dat hulle sou weet dat die uur op hande was.

75 Johannes die Doper was 'n groot man. Julle weet van sy geboorte, en hoe hy die Heilige Gees ontvang het voor hy gebore is, in sy moeder se skoot.

76 Terwyl Maria kom, synde 'n maagd, en haar vertel het dat sy 'n baba gaan hê, en Elisabet vertel het van die baba te hê, en van hoe die Heilige Gees aan haar verskyn het, die Engel van die Here, liewer, en haar vertel het dat sy ook 'n moeder gaan wees. En sy het gesê: "Ek gaan 'n Seun hê, en ek sal Sy Naam Jesus noem." En toe sy "Jesus" gesê het, die eerste keer wat daardie

Naam ooit gespreek was deur menslike lippe. 'n Babatjie in sy moeder se skoot, dood, sy was bekommerd daaroor. Geen lewe nie, ses maande, dis heeltemaal abnormaal. Maar sodra daardie Naam "Jesus" die eerste keer deur 'n menslike lip gespreek is, het daardie klein, dooie Johannes in die moeder se skoot tot lewe gekom en van vreugde gespring, sê die Bybel.

77 As dit dit sal doen aan 'n dooie baba, wat behoort dit nie te doen aan 'n wedergebore Kerk wat met die Heilige Gees vervul is nie? Genees die siekes, red die verlorenes! Sien? "Want sodra jou gelukwensing in my ore kom, het my baba van vreugde gespring in die skoot," julle sien. En hy was vol van die Heilige Gees van sy moeder se skoot af. En hierdie Heilige Gees-vervulde man . . .

78 Nietemin, sy vader was 'n priester. Gewoonlik, was dit gebruiklik in daardie dae vir die kind om hulle tradisie van hulle vader te volg, of die beroep van die vader. En nou vind ons uit dat Johannes, sy werk so belangrik was, dat hy nie kon gaan na die skool van die priesters wat sy vader beoog het nie, omdat hulle sou sê: "Nou, jy weet, Broer *So-en-so* hier is bestem . . . Jy moet die Messias aankondig. *Hierdie* is Hy. Wel, jy weet *dit* is Hy, want, kyk, hy's so 'n gawe kêrel."

79 Dit sou omtrent dieselfde keuse wees wat die dissipels gemaak het oor wie Judas se plek sou inneem. Sien? Dit het op Matthias geval. Hulle het Matthias gekies, met die lot, maar God het Paulus gekies. Sien? Dit was anders.

80 Let op. En ons vind uit sy taak was so belangrik, dat hy in die wildernis ingegaan het en daar gebly het totdat hy dertig jaar oud was. En toe hy uitgekom, gespreek het, het hy geweet watter soort Persoon hierdie Jesus sou wees. Want, hy—hy het daar gestaan, en hy was so seker dat Dit in sy dag sou kom, dat hy gesê het: "Daar staan Een onder julle, Wie se skoene ek nie waardig is om te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en Vuur."

81 En eendag, daar gestaan, het hy gekyk, en hy het 'n teken uit die hemel sien kom. En hy het Hom herken, aan 'n teken. En Johannes het getuig, het so getuig: "Ek getuig dat ek die Gees van God soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal het, en 'n Stem wat sê: 'Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het.'" Hy het die Messias aangekondig omdat hy die teken van die Messias gesien het.

82 Nou, hierdie dissipels moes dit bespreek het, nadat die herlewing verby was, sien, die vir daardie dag, die houding van sommige mense. Sommige glo. Sommige glo nie.

83 Dis dieselfde ding wat ons vandag kry. Daar is mense wat glo. Sommige glo nie. Ons het dit in—in alle samekomste: sommige gelowiges; sommige glo, glad nie.

84 En sommige het gesê, in daardie dag: "Nooit het 'n mens gepreek soos hierdie Man nie. Hy praat nie soos 'n priester of 'n prediker nie. Wat daardie Man sê gebeur net daar. Sien? Hy

manifesteer waaroor ons preek. Sien? Hy, daar het nooit ’n man so gepreek nie.” Goed.

85 En daar was sommige ongelowiges, het gesê: “Hierdie man is Beëlsebub. Hy kan dit slegs doen deur die gees van die duiwel.” En Jesus het hulle terreggewys.

86 Dan moes dit gesê het, Johannes, die jong kêrel, het miskien gesê: “Dink daaraan, broers, ons het Hom nou met ons. O, watter gedagte! Hy is nou in die skip saam met ons.”

87 As ons, vanaand, my kosbare broer en suster, maar vir ’n paar oomblikke kan rustig raak, om te besef, hierdie Messias waarvan ons gepraat het, en God gesê het sou kom. En hier was op aarde; gesterf het, weer opgestaan het, opgevaar het na die Hemel. En teruggekom het op die—op die—die. . . na tien dae, en aan hulle verskyn het met Pinkster, en Sy Kerk opdrag gegee het. Daardie selfde Jesus is by ons vandag soos ons die lewe se plegtige oseaan bevaar. Ons praat oor Hom. Ons dink aan Hom. Ons lees oor Hom, wat Hy gedoen het, wat Hy was, hoe Hy geleef het, watter soort werke Hy gedoen het, en vergeet dan daarvan. Besef julle dat Hy met ons is, nie net met ons nie, maar in ons? O, hoe dink ek dit nie!

Watter gevoel van sekuriteit moes dit nie gewees het, om te dink aan die einste Skepper Self, wat deur troebel waters vaar saam met hulle nie.

88 O, watter veiligheid is dit nie vandag, om te weet die einste God wat hemele en aarde gemaak het, wat hierdie stof gemaak het waarin ons woon, genaamd liggame, bevaar die lewe se see saam met ons nie, weet dat siekte en pyn ons ontstel, en dood ons in die gesig staar. Maar wat het ons om te vrees? Die einste Skepper van die einste stof, die einste sestien elemente wat ons opmaak, die petroleum en kosmiese lig, seil saam met ons deur elke storm en elke see. Sy waarheid kan nooit faal nie. Hy is met ons, en het gesê: “Kyk, Ek is altyd by julle, selfs tot aan die einde van die wêreld.”

89 Nou, het hierdie troebel waters bevaar, hulle het dit bespreek, en gedink aan watter sekuriteit dit moes gewees het vir die mense wat saam met hulle was, die dissipels en dinge, watter probleme. Hulle weet daar was ’n groot herlewing het pas gebeur, en hulle het fees gevier op die resultate daarvan.

90 Nou, ek dink dis ’n hele lot soos ons vandag. Ons het ’n groot herlewing gehad, maar, vind ons uit, dis aan die afkoel. Nou, volgens die geskiedenis, wat ek nie ’n geleerde persoon is nie, maar ek het die geskiedenis van die kerke geneem: *Die Niceense Vaders*, en Hyslop se *Babilons* ensovoorts, en vind uit dat enige herlewing slegs omtrent drie jaar duur. Dis net omtrent so lank as wat dit duur. Maar hierdie is al aan die gang vir omtrent vyftien jaar, want ek dink dis omtrent die laaste een wat ons sal hê. So ons is naby die Koms van die Here.

91 En so nou is dit miskien soos hulle was, op daardie skip daardie nag, miskien is ons dieselfde ding, dat ons, Sy dissipels wat in Hom glo, nou net fees vier op wat ons gedoen gesien het. O, die dinge wat ek Hom sien doen het! Dit sou maande en maande neem, om. . . Ek sou 'n—'n volume boeke kon skryf, oor wat ek Hom sien doen het, van groot tekens, wonders, wonderwerke. Wat bloot is. . . Dis bokant my menslike begrip. Dit moes die bonatuurlike kragte van God gewees het, om so 'n ding te doen.

92 En ek—ek dink nie dat ek hier sou staan oor hierdie lessenaar, as 'n prediker van die Evangelie, en iets sou—sou sê wat verkeerd was nie, siende dat ek vier-en-vyftig jaar oud is en my dae einde toe staan. Ek moet Hom ontmoet. Ek moet wees. . . Ek wil doodseker wees. Hierdie dinge is korrek, en hulle moet wees. Sien? Want, nie alleen dit nie, maar ek sou mense mislei.

93 Maar ek sal sê, vanaand, dat ek Hom gesien het. Hy het weer sukses behaal met—met my poginkies wat ek voortgebring het. Nou onthou. Hy het meer sukses behaal as die pogings wat ek vir Hom voortgebring het; deur Sy Evangelie, as wat Hy gehad het in Sy eie land waar Hy vandaan kom. Ek—ek sou Bybels skryf, om te weet wat Hy in hierdie laaste dae gedoen het, omdat Hy dit belowe het.

94 "Hierdie dinge wat ek doen, sal julle doen, en meer as dit sal julle doen." Daar word gesê "groter", wat, die regte woord daar. Niemand sou groter kon doen nie. Hy het alles gedoen wat gedoen kon word, sien, die dooies opgewek, natuur gestop, en wat nog. "Maar meer as dit sal julle doen." Want die Gees het toe in een Persoon gewoon, die Seun van God, nou is seuns van God oraloor die wêreld. "Meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na die Vader toe," sien, stuur die Heilige Gees terug op die Kerk.

95 En so moes hulle toe gewees het soos ons nou is, rustende tussen die herlewings, wag op die Koms van die Here. En soos ons voortseil, getuig, praat oor: "O, ek onthou toe ons hierdie diens *daar* gehad het. Ek onthou toe dit *hier* was. Hierdie dooie baba wat *daar* lê, en dood was vir twee dae, en hulle in die diens ingebring het, en die Heilige Gees het dit weer reg opgewek tot lewe. Sien hierdie persoon inkom op *hierdie* manier, en *daardie* manier, blind, verskrompel, verlam, aangetas, vertel hulle wat hulle gedoen het, en wat gebeur het, hoe die Heilige Gees die mense op die platvorm ontmoet het, hulle gesê het wat hulle gedoen het. Bedrieërs kom na vore en het gedink dit was telepatie, en het sommer uitgeroep. En sommige van hulle is verlam reg voor ons oë, voor duisende mense. Al hierdie groot dinge wat dit bewys." En nou is ons soort van aan die rus in die tussentyd, sien, rustend.

96 Miskien het Jesus toe gemaak soos Hy gemaak het in die dae van skepping. Hy het die aarde geskape, en die hemele en aarde, in ses dae. En die sewende dag, het Hy gerus.

Julle sê: "Was dit Jesus?" Ja.

Die Bybel het gesê: "Hy was in die wêreld, en die wêreld is deur Hom gemaak, en die wêreld het Hom nie geken nie."

97 So Hy het miskien gerus, van een herlewing na 'n ander, net soos Hy gerus het tussen Génesis en Sy Koms, sien, neem 'n ruskansie. Toe, terwyl Hy probeer rus het, en die dissipels was. . . het vergeet daarvan dat Hy saam met hulle was, so toe kom probleme.

98 Dis die oomblik wat sy begin. Wanneer die kerk vergeet van die Teenwoordigheid van Jesus Christus, wanneer ons vergeet en begin twis en kwaad word, en argumenteer oor ons denominasionele verskille, ensovoorts, dis presies wanneer probleme opduik.

99 Maar solank as Christus daar is, en die Heilige Gees al die mense seën, gee ons nie om nie: kleur, geloofsbelydenis, wat dit ook al is. Ons is almal in een groot poel van God se seëninge, is sommer net gemeensaam onder die Bloed van Jesus Christus, en ons let dit nie op nie.

100 Maar wanneer ons begin probeer dink: "Weet julle, my denominasie is 'n bietjie beter as hulle s'n, bietjie groter as hulle s'n. Ons het meer lidmate," dis wanneer probleme opduik.

101 So hulle begin dit kry, en probleme ontstaan wanneer hulle vergeet dat Hy daar is. Soveel gepraat oor Hom, en besef nie Hy is saam met hulle nie. Ek wens ek het 'n manier gehad om dit te laat insink. Kyk, hulle het gepraat oor Hom, maar het vergeet dat Hy gelê het in die einste skip waarin hulle was.

102 En vandag, is dit wat met die kerke gebeur het. Ons praat oor Hom. Ons het soveel intellektueles, dat manne so opgelei word in die Skrif, dat hulle 'n boodskap kan bring wat sal. . . Jy kan nie 'n vinger daarop lê nie. Maar waar is God? Dis wat ek wil weet. Waar is daardie manifestering? Sien? Intellektuele preke!

103 Die Bybel het gesê: "Net voor die sondvloed," en Jesus het gesê: "so sal dit weer met die Koms van die Seun van die mens wees, soos dit was in die dae van Noag." Daar was reuse op aarde. Hulle was reuse, groot van statuur manne.

104 En vandag is daar intellektuele reuse. Daar is manne wat, o, groot manne, groot magtige manne is. Hulle ken Grieks net soos hulle Hebreeus ken, en alles, en kan dit so intellektueel saamstel. Maar waar is daardie—daardie herlewing? Waar is daardie God wat brand in die hart van die menslike wese? Nie hoe intellektueel dit is nie; dit verg eenvoud, om die krag van God te bring.

105 Toe het hulle gevind, soos ons vandag het, dat probleme ingetree het. Die skip begin skommel, en die wind het die seile weggewaai, en die water het die skuit volgemaak. Wat? Alle hoop was weg, alle hoop op oorlewing.

106 Nou, as julle ooit in Galiléa was, daardie selfde dinge gebeur vandag. Daar aan die westekant, daar's—daar's berge. Die skeur daarin, *so*, op 'n manier is dit weggesny. En, vandag, sal vissermanne daar met die oewer langs, vir jou vertel dat dit bedrieglik is om die see daar oor te steek, omdat daardie storms onverwags opkom, en net neerswiep. En daardie water, stormagtige waters, maal net om en om, en dit sink die vissermanne vandag nog.

107 En ewe skielik het iets gebeur. Probleme het ontstaan. En af was die seile, en weg het die wind dit weggewaai. En die roeispane begin ingee, en kraak en breek, soos daardie breë-rug vissermanne teen hulle gelê het, het geweet hoe om in die golwe in te gaan. En—en ewe skielik het die skuit vol water geraak. Maar is dit nie vreemd dat manne, wat net 'n paar uur gelede, amen, Hom sulke dinge sien doen het, en alles daarvan vergeet het nie?

108 Die God Wat die dooies opgewek het, die God Wat die siekes genees het, die God Wat met die Heilige Gees vervul, wat ons gedoen gesien het, is nou vandag dieselfde. Hy's net hier in die skuit. Hy is hier by ons. "Kyk, Ek is altyd by julle. Of tydens probleme, of wanneer sy glad seil, Ek's steeds in die skuit." Sien?

109 Hulle het daarvan vergeet. En hulle het gedink alle oorlewing is verby. Hulle het gedink hulle. . . Hulle het Hom soveel dinge sien doen, maar nou het hulle vergeet Hy was in die skuit. Alles vergete, in die tyd van probleme, net soos dit nou is.

110 Nou, net soos vandag, vind ons hulle het probleme ondervind wat hulle bekwaamhede nie kon regstel nie. Sien? Dit was bo hulle vermoë om dit reg te stel. Hulle sou die seile probeer hys, en die winde het hulle weggewaai. Hulle het teen die roeispane probeer leun, om die water uit die skuit uit te hou, om die golwe net reg te tref. Soos julle skuitmanne weet hoe jy moet maak, en nie regoor die golf gaan nie, jy sal die skuit sink. Jy moet dit stuur, die golf ry soos jy deurgaan. En daardie vissermanne, met alles wat hulle gehad het, so geïnterresseerd in oorlewing, dat hulle vergeet het dat die Skepper in die skip was. En al hulle bekwaamheid het steeds gefaal.

111 Ek sien twee susters vanaand hier sit in rolstoele. Sien, ongetwyfeld het daardie vroue alles ter wêreld probeer om gesond te word. Daar mag mense hier wees met kanker, iemand met hartprobleme, en die dokters se bekwaamheid het alles in die werk gestel wat hulle kon, om jou te help. Maar jy's by die einde. Hulle, daar's niks wat gedoen kan word nie. Het ons vergeet Wie by ons is?

112 Wie is dit, wat die lewe se plegtige oseaan saam met ons bevaar? Wie is dit wat die belofte gegee het? Hy is die Woord. Sien? Dis nooit van ons af weggeneem tot nou toe nie. Ek wil dit so hê, in my hart, as hulle *dit* ooit neem, het ek Dit *hier*. Sien?

Sien? Maar die Woord is steeds by ons. Hy is die Woord. En die—die dinge wat die dokter nie kan regmaak nie, die dinge wat die kerkwêreld nie kan regmaak nie, ons het die Skepper van alle dinge by ons.

113 Ek het 'n omsendbrief gelees wat uitgestuur is deur 'n groot Pinksterman wat sy-aan-sy met die pous gesit het, nie lank gelede nie, in die ekumeniese raad. Ek het laat neerskryf, drie-en-dertig jaar gelede, dat daardie einste ding sou plaasvind. Nou, jy sal nooit in staat wees om ware, geestelike pinkstermense in daardie ding in te laat swaai nie. Hulle weet van beter. Dit klink vreeslik goed vir die intellek, maar die geestelike gemoed snap dit gou dat dit verkeerd is. Hulle weet dat dit verkeerd is. Hulle weet wat God oor daardie dinge gesê het. En so, hulle, hulle sal dit nooit snap nie.

114 Nou, die ander sal, waar Jesus gesê het die twee geeste in die laaste dae sal byna die einste Uitverkorenes mislei indien dit moontlik sou wees. Sien? Maar die Uitverkorenes sal die verskil ken. Maar ons is in 'n tyd met probleme waar daar nie 'n prediker in die wêreld is wat ons denominasies kan verhinder om by hierdie ekumeniese raad aan te sluit nie. Hulle is alreeds daarin. Maak nie saak hoeveel dinge God gedoen het, hoe geseënd Hy onder ons was nie, hulle het in elk geval reg daarin gegaan. Jy kan dit nie keer nie. Dis maar al wat daaraan is. Hulle gaan dit doen, nou, probleme wat nie deur die kerk reggestel kan word nie. Dan, sodra ons uitvind dat . . .

115 Jy gaan dokter toe, hy sal sê: "Wel, ek's jammer om vir jou te sê, maar jy—jy het kanker." Wel, vinnig, dis al. "Hy—hy—hy's dood. Dis maar al wat dit is. Of, sy, hulle's weg." Die dokters sê: "Wel, dis verlamming. Jy kan nie . . . Dis leukemie." Wel, sommer gou: "Hulle is so goed soos dood, net daar." Sien? Vrees tree in, sien, maar dit behoort nie.

116 Wie is Dit wat die belofte gemaak het? Waarvoor lewe ons? Waarom is ons die Kerk van die lewende God? Waarom is ons vervul met die Heilige Gees? Om te onthou in die tyd van probleme, Hy is steeds hier. Hy stabiliseer dinge. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy is eweneens met ons. Hy kan dalk 'n paar minute rus tussen die dienste, maar Hy is steeds eweneens hier. Ja. En wanneer probleme opduik, en geloof in Hom by ons te wees . . . Dan tree vrees in. En wanneer vrees intree, dan het ons regtig probleme.

117 Ons het dit in die kerk, nasionaal, waar ook al. Al die nasies is doodbang. Daar's 'n ruimteman êrens, en daar is atoombom. En ons weet dat die wetenskap meganiese dinge ontwikkel het, totdat, op enige oomblik, sonder waarskuwing, die hele wêreld aan stukke kan spat. En die wêreld is bang.

118 Ek's nie bang die wêreld spat in stukke nie. Daar gaan 'n duisend jaar Millennium-regering wees, nadat dit alles verby is.

God sal nie Sy eie doel verydel nie. Al wat ek bid: "Here, is ek gereed om te gaan wanneer Hy kom?" Dis—dis die enigste vrees wat ek het. "Het ek U behaag, Here?" Sien?

119 Moenie vrees wat die mens doen nie. Vrees God. Gesê: "Vrees hom nie wat die liggaam kan vernietig nie. Maar Hy kan beide liggaam en siel in die hel vernietig." Sien? Dis reg.

120 Nou, argumente ensovoorts, soos wat probleme opduik, vrees. En ons is skynbaar baie dieselfde vandag. Maar, onthou, Hy is steeds met ons.

121 Nou, in Johannes, die 1ste hoofstuk, moet dit nie vergeet nie: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." Hebreërs 13:8 het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." En hierdie Boek is 'n openbaring van Jesus Christus, die hele pad van Génesis tot die laaste Boek, van Openbaring. Dis die openbaring van Jesus Christus. Die profete en al daardie dinge het Christus voorafgeskadu. En alles in die Boek is Jesus Christus.

122 So, onthou, Hy is steeds by ons. Alles, om elke saak wat die duiwel kan begin, reg te stel, is net *hier*. Ons het dit, net *hier*. Probleme, maar die Meester is in die skuit. Goed. As hulle in moeilikheid raak, waar die dokters nie kan regmaak nie, onthou, Hy is hier. As ons . . . Moenie vergeet nie. Hy's in die skip.

123 Hulle moes geweet het, hierdie dissipels, dat Hy die Messias was. En die woord *Messias* beteken "die Gesalfde." Sien? Dan as . . . Hy het die hele God in Hom gehad. God was in Hom. Hy het gesê: "Ek . . . " Jesus, die Seun, het gesê: "Ek doen niks in Myself nie, behalwe wat Ek die Vader sien doen. Die Vader woon in My." Sien? Nou as . . . Hy was Messias, deur daardie, met daardie salwing, het Hom ten volle Messias gemaak. En ons, met dieselfde Gees wat op Hom was; nie gedeeltelik nie, maar dieselfde kwaliteit; met 'n gedeelte op ons, sou ons soos messiasies maak, sou klein seuns van God wees, aangenome seuns van God. En Sy Heilige Gees het ons verseël in Sy liggaam in, en ons is Sy kinders.

124 Daar behoort niks ons te pla, niks ons te bekommer nie. Ons is—ons is Syne. As dit nie is nie, wel, is ons valse aanklaers, ons—ons het getuig oor iets wat nie eens so is nie. Ek glo dit. Ek glo dat ons nou seuns van God is, nie ons sal wees nie; nou, sommer nou. "En nou sit ons saam in Hemelse plekke in Christus Jesus." Amen.

125 Ons het geen krag nie, maar ons het outoriteit. Dit vereis nie krag nie. Iemand het gesê: "Het jy enige krag?" Nee, maar ek het outoriteit. Dis reg.

126 Jy neem 'n polisiemannetjie wat hier staan. Hy dra 'n uniform. Sy hoed is te groot vir hom, sak af oor sy ore. Hy het nie krag om enigiets te stop nie. Maar laat hom hier uitstap, en 'n kar

kom straat-af, met 'n driehonderd-perdekrag-masjien, en laat hom daardie hand opsteek. Kyk hoe sleep die remme. Waarom? Hy het geen krag nie, maar hy het outoriteit.

127 En wanneer 'n man of 'n vrou gesalf is met die doop van die Heilige Gees, is hy dalk nie in staat om sy naam in goederewa-grootte letters te lees, weens geleerdheid nie, maar hy—hy—hy het outoriteit van God, dat hy 'n seun van God is. Laat hom sy outoriteit neem, en staan en sê: "Stop," en Satan se wiele sal sleep, sy remme sal. Iets sal plaasvind, omdat hy outoriteit gegee is deur die Heilige Gees. "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf." Dit is dit. Sekerlik. Hy hoef nie 'n—'n DD.D., of 'n Ph.D. te hê nie. Hy moet Jesus ken, en weet wat hom gegee is. Daar staan hy. Ja, meneer.

128 Hulle behoort te geweet het, deur dop te hou wat hierdie Man gedoen het, en wat getuig het Hy is wat Hy was, die Messias. Dan, Hy het alle dinge geweet, en Hy het geweet hierdie probleme was aan die kom. Hy het alle dinge geweet. Sekerlik. "Vader doen niks tensy Hy die Seun wys nie." Sien? So Hy—Hy het alle dinge geweet. Hulle behoort te geweet het dat Hy verstaan het daardie storm was aan die kom, goed, en geweet het dit sou gebeur. Dit was slegs gegee as 'n toets van hulle geloof.

129 En miskien ontstaan hierdie probleme net, miskien verslap die herlewing, om te sien wat ons daaromtrent sal doen. Dalk het siekte jou getref. "Hierdie oorsaak, was niemand se sonde nie, maar dat die werke van God bekend gemaak kan word." Hoe weet ons van hierdie dinge, wat gebeur het? Niks gebeur, en net gewoonweg nie, nie sonder dat God dit weet nie. Hy weet dit. Hy het dit geweet, aan die begin. En hierdie dinge gebeur, want dis 'n toets van geloof.

130 Petrus het gesê: "Ag dit nie vreemd wanneer beproewinge oor julle kom, vurige beproewinge nie. Dis vir julle beter as goud. Dit word gedoen om julle te bewys." O, daardie raffineerder se vuur, dat dit honderd persent suiwer sal uitkom, al die droes uitgesmelt, al die ongeloof, 'n ervaring dan, dat jy weet! Wat die Hebreeuse kinders kon getuig, nadat hulle deur die vuur gegaan het: "God is 'n Redder, van vuur." Hulle het dit geweet.

Daniël het geweet, na die leeukuil-ervaring.

131 Lasarus het geweet, na die graf, dat Hy die opstanding was. Amen.

132 Nadat jy deur hierdie toetse en beproewinge gegaan het, is hulle glorieryk vir jou. Dan, dit word gedoen om hulle geloof te toets. Miskien kan dit dalk vanaand wees, dat sommige hier siekte het, en dis 'n toets van geloof, om te sien wat julle daaromtrent sal doen.

133 Hy het vir hulle bewys Wie Hy was. Hy het bewys Wie Hy was. Hoe? Deur die Woorde wat Hy gepreek het, en deur die werke wat op die Woorde gevolg het. Sien? Bevestiging! God het

Hom bevestig. Want Hy het vir hulle gesê: "As . . . " het Hy gesê: "As Ek nie die werke van God doen nie, glo My dan nie. As wat God gesê het Ek sou doen, as Ek hulle nie doen nie, veroordeel My dan, as Ek nie doen nie. As Ek nie die Messias is nie . . . " En, Hy—Hy sou dit sê. "As Ek nie Messias is nie, as . . . Julle kan My as 'n Man nie glo die Messias te wees nie, omdat Ek nooit deur julle skole gekom het nie, en julle geen plek het waar Ek ooit opgelei is, of waar Ek deur julle teologiese skole gegaan het nie. En as julle nie kan glo Ek is die Messias nie, wel, glo die werke. Hulle getuig van wat Ek is."

134 O, sou dit nie wonderlik wees, vanaand, as die kerk maar net daarop kon ooreenkom, dat die Bybel gesê het wat die Christen sou doen en wat hy sou wees nie. O, goeiste! Hoe dink ek nie daaraan nie!

135 Jesus het vir hulle gesê: "Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle Ewige Lewe. En Hulle is Dit wat van My getuig. Hulle sê julle wat Ek is." O!

136 Ek hoef nie te sê ek's Metodis, Baptis, Presbiteriaan, of wat ook al nie. Die lewe wat jy lei, die—die Woorde van God, as jy deel is van daardie lewende Woord, hoe kan jy ontken wat jy is? En hoe kan die Woord Hom weerhou van te bevestig wat jy is, as jy is? Sien?

137 Hoe kan 'n—hoe kan 'n skaap gevra word om wol te vervaardig? Hy kan nie vol vervaardig nie. Solank hy 'n skaap is, sal hy wol dra omdat hy 'n skaap is.

138 En 'n mens hoef nie enigiets op te werk, as hy 'n Christen is nie. Hy is omdat hy is. Hy, dis waaruit hy opgemaak is. Hy is 'n Christen, van nature.

139 'n Appelboom is 'n appelboom omdat dit 'n appelboom is. Sien? 'n Perskeboom is 'n perskeboom omdat dit 'n perskeboom is.

140 En 'n Christen is 'n Christen omdat Christus in daardie persoon leef. En maak . . . *Christen* beteken "soos Christus," nie 'n lidmaatskap nie; maar 'n bevestiging, God wat deur jou voortbring net wat 'n Christen is. Dis jy wat uit die pad uit tree en God laat inkom, jy wat geen gedagtes koester nie. Laat die gemoed wat in Christus was, in jou wees. Daar het jy dit. Dis die ware Christen. O, goeiste!

"Ondersoek die Skrifte," het Hy gesê: "Hulle is Dit wat van My getuig."

141 Hulle moes geweet het dat Hy God was wat die winde en die golwe geskape het. Sien? God het die wind geskape. Ja. Dis lug. God het die water geskape. Ja. Dis die H^2O. Hy, Hy het dit geskape. Maar, julle sien, wat dit is, die duiwel het in daardie wind ingekom, en dan kom die duiwel na iets anders, het ingekom daarin, en dit het die storm veroorsaak.

142 En dis hoe dit somtyds met gelowiges is. Hulle laat die sperbome sak, vir ongeloof, en dan kom Satan in in 'n warrelwind, sien, veroorsaak twiste, en stryd, en argumente, en alles. Dit is die duiwel wat tussen mense kom.

143 Duiwel kom tussen die—die lug en warrel dit op, veroorsaak dood, kom tussen die water, warrel dit op. Sien? God het dit geskape, maar hulle het die duiwel toegelaat om in te kom. Die duiwel het daarin gekom: "die prins van die krag van die lug." Let op, hy het daarin gekom, en daar kom die winde en die golwe.

144 Nou, daardie dissipels moes gesê het: "Wel, daar's nou niks verkeerd nie. Wel, daar lê die Skepper, lê net hier. Hy seil saam met ons. Sien? Wel, kyk net na die dinge wat Hy gedoen het. Wel, wat gee ons om vir die golwe."

145 O, as ons maar so daaroor kon voel, hoeveel anders sou dit nie wees nie. Ja.

146 God, die Skepper van die hemele en—en aarde, God die Skepper van die winde en golwe, sou hulle nie Sy Woord moes gehoorsaam nie? Al ding wat Hy moes doen, was om dit te spreek. Sien? Hy is die Woord, maar God moes die mens gebruik om Sy eienskappe te vervul, of te vertoon.

147 God, in die begin, was net God. Hy was nie eens God nie; God is "'n voorwerp van aanbidding." Hy was die groot krag, God. Toe skape Hy die Engele, en Engele het Hom aanbid, so Hy was God. Toe het Hy die mens geskape.

148 Nou, Hy's 'n Redder. So, daar's niks verlore nie; iets moes verlore raak, sodat Hy Sy eienskap as 'n Redder kon vertoon. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

149 Hy was 'n Geneser. So, daar's niks siek nie, so daar moes iets siek wees, om Sy eienskap te vertoon, te wys dat Hy was.

150 Hy was Vader, sien, en iets moes wees. Hy moes 'n Seun hê, om Hom Vader te maak. Sien?

151 En al hierdie dinge vertoon Sy eienskappe, daar's niks uit lyn uit nie. Sien? Daar's. . . God laat elke rat net presies reg draai. Alles is in orde. Die Skepper, halleluja, die Skepper is in die skuit waarin ons seil.

152 "Al vernietig die velwurms hierdie liggaam, tog sal ek in my vlees God sien, vir Wie ek self sal sien," het Job gesê. Dis reg. Dawid het gesê: "Ja, al loop ek deur die dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my. Al maak ek my bed in die hel, Hy's daar. Al neem ek die vleuels van die môre en vlieg weg, Hy's daar." Seil oor die plegtige lewensoseaan!

Van elke groot man voor ons, leer ons,
Ons kan ook verhewe leef,
Met heengaan spore nalaat
Agter ons (soos *Die*) op die tyd se sand;

> 'n Voetspoor wat miskien 'n ander,
> Wat die lewensoseaan bevaar,
> 'n Verlore en gestrande broeder,
> Sal raaksien, en laat moed skep, ("As God dit vir daardie broer gedoen het, sal Hy dit vir my ook doen.")
>
> Laat ons dan wakker, werksaam wees,
> Met moed vir elke stryd. Dis wat ek sou . . .
> Nie soos stom gedrewe beeste wees, wat ingedryf moet word in enigiets.
> Laat ons glo, 'n held wees in die stryd!

153 *Psalm Van Lewe*. Longfellow se gedig: *'n Psalm Van Lewe*. Ek hou daarvan. Dit sê iets. Dit manifesteer iets. Dit het waarlik iets daarin, bietjie betekenis. Ek hou van iets wat kleur daarin het, betekenis het. Musiek, gedig, wat dit ook mag wees, ek hou daarvan as dit werklik is.

154 Nou, hulle behoort te geweet het Hy sou moes, alles moes Hom gehoorsaam. Ons behoort dieselfde ding te weet. Ons liggame sal Sy Woord moet gehoorsaam. "Ek is die Here wat julle siektes genees." Is dit die Woord? Wel, hierdie liggaam moet dit gehoorsaam.

155 Al wat ek moet doen, is die knoppie druk. Amen. Soms is die knoppie op die knieë, julle weet. Maar, sê ek julle, dit stuur 'n stroom deur.

156 Maar dis al wat jy doen is dit glo. God het dit belowe. En soos daardie golwe Hom moes gehoorsaam, so moet *dit* Hom gehoorsaam. Insoverre, dat Hy belowe het, nadat ons vergaan het: "Ek sal hom weer opwek, in die laaste dag."

157 Ek het hierdie twee of drie haartjies wat ek het, gekam, hier nie lank gelede nie. En my vrou het vir my gesê, sit daaragter, het sy gesê: "Billy, jy raak bleskop."

158 Ek het gesê: "Maar, weet jy, skat, ek het nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Wat? Jy het 'n een van hulle verloor nie?"

Ek het gesê: "Nee."

Sy het gesê: "Asseblief, sê my waar hulle is."

159 Ek het gesê: "Dan wil ek jou iets vra. Sê jy vir my waar hulle was voor ek hulle gekry het. Hulle is 'n vaste stof. En waar ook al hulle was voordat ek hulle gekry het, hulle wag daar vir my om na hulle te kom." Reg.

160 Hy het gesê: "Nie een haar van jou hoof sal vergaan nie." Niks sal vergaan nie. Weet julle jy . . .

161 Die vernietigendste ding wat ons het, is vuur. Maar vuur wis nie uit nie. Dit verbrand net die sure en suurstowwe totdat dit reguit direk terugkeer na wat dit vantevore was. God vernietig

niks. Jy kan nie enigiets totaal uitwis nie. Halleluja! Reg. Jy kan nie enigiets uitwis nie. Dit sal terugkeer na sy ontstaan.

162 Ek herlaai patrone per hand. Ek skiet ’n.220 Swift en ek sit dit vyfduisend voet per sekonde by die loop. En dan sit jy net ’n halwe grein meer kruit daarin, en jy skiet daar teen die muur, sien jy niks. Dit sal nie ’n merk maak nie. Al wat jy hoor is ’n geraas. Wat gebeur? Wanneer daardie koeël die loop so vinnig verlaat met daardie koper en lood, dat dit terugkeer na sy natuurlike sure, voor dit was, ’n handerdmiljoen jaar gelede, miskien. Maar as die wêreld so lank sou standhou, kan dit dalk weer na ’n koeël terugkeer. Sien julle, dit, niks word vernietig nie. Dit keer terug. O, watter wonderlike ding!

163 Ek hou julle te lank. Goed. Ek sal afsluit, net ’n oomblik. Sien?

164 Nou, God het gesê: “Ek sal dit weer opwek in die laaste dae.” Hoe wonderlik!

165 Hulle behoort dit te geweet het. Hulle behoort te geweet het Hy sou die winde en die golwe Hom laat gehoorsaam, nadat Sy dissipels hulle aan die einde van hulle kragte bevind het.

166 O God, laat ons dieselfde ding doen, vanaand, vind ons menslike pogings op ’n einde.

167 Toe hulle hulle bevind, dit moes tot hulle deurgedring het dat die Skepper by hulle was, nadat hulle—hulle dokter gefaal het, na al hulle sielkundige aanvaardings van Christus gefaal het, nadat dokters gefaal het, en alles.

168 Onthou net die Skepper is met ons. Sien? Hy’s hier, die Een Wat hierdie dinge belowe het. Hebreërs 13:8.

Toe kom die gedagte: “Laat ons Jesus gaan wakker maak.”

169 Dis die volgende skuif. Dis die ding vir ons. Laat ons gaan, Hom op die toneel roep. Hy het belowe om met ons te wees. Het Hy nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] “Kyk, Ek is altyd met julle, selfs tot aan die einde van die wêreld.” “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd.” Gaan maak Jesus wakker, want Hy is met ons, soos Hy toe was.

170 Hulle het die Skriftuurlike Woord van God geïdentifiseer gesien, dat dit die Messias was. Hulle het dit geweet. Sien? So het ons. Ons het dieselfde ding gesien wat op die Pinksterdag gekom het, kom reg op ons, selfde voorskrif, selfde ding het gebeur. Ons het Jesus reg tussen ons sien staan, werk deur mense, genees wel die siekes, en wek dooies op, en open blinde oë, en doen dieselfde werke wat Hy toe gedoen het, net dieselfde as wat Hy belowe het. So daar behoort geen kommer daaroor te wees nie. Sien? Nou, ons behoort nie daaraan te dink nie.

171 ’n Vrou het eenkeer vir my gesê. Gedurende die preek, het ek toevallig hieraan gedink. Daar was ’n dame wat vir my gesê het, sy het gesê: “Broer Branham.” Ek het dit vertel baiekeer, maar

dit kan dalk weer vertel verdra. Sy het gesê: "Daar's net een ding wat ek verkeerd vind met jou prediking."

172 Ek het gesê: "O, goeiste, dankie, sien: 'net een ding.'" Ek het gesê: "Ek—ek's sekerlik dankbaar teenoor jou."

173 Sy het aan 'n kerk behoort wat nie geglo het Jesus was God nie. Sy het nie geglo dat Hy bonatuurlik was nie. Hulle het nie. Sy het nie geglo dat—dat Hy was wat Hy was, die Messias, nie. Sy het gesê: "Hy was 'n Profeet. Hy was 'n goeie Man, maar Hy kon geen Seun van God gewees het nie. Want, God kon nie 'n Seun gehad het nie. God is 'n Gees." Sien? Sy het nie verstaan dat God Maria oorskadu het, wat die maagdelike geboorte voortgebring het nie. Sien? En sy het vir my gesê: "Jy maak Hom Goddelik, Mnr. Branham."

Ek het gesê: "Hy is Goddelik."

174 Sy het gesê: "Wel," het gesê: "wel, Hy kon nie Goddelike wees nie." Het gesê: "Jy het gesê jy glo die Bybel."

Ek het gesê: "Ek glo dit."

175 Sy het gesê: "As ek vir jou sal bewys, deur jou eie Bybel, dat Hy nie Goddelik kon wees nie, dat Hy net bloot 'n Man was, 'n goeie Man." En hulle, wel, as daar een van hulle hierbinne is, ek wil nie julle gevoelens seermaak nie. Want, Christus het gesterf. . . Dit was Christian Science, julle sien. En het gesê: "Nou, jou genesings en dinge," gesê: "ek—ek glo daarin, elke deel, maar," het sy gesê: "jy maak Jesus om Goddelik te wees."

176 "Wel," het ek gesê: "Hy's óf Goddelik óf die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het." Sien? Ek het gesê: "Hy was óf God óf Hy was niks." Sien?

177 En sy het gesê: "O, goeiste, Mnr. Branham!" Het gesê: "Hy kon nie Goddelik wees nie."

Ek het gesê: "Wel, gee vir my jou Skrif."

178 Sy het gesê: "Soos Hy daar na die graf van Lasarus gegaan het, in Johannes die 11de hoofstuk," gesê: "het die Bybel gesê Hy het daarheen gegaan na die graf van Lasarus."

Ek het gesê: "Ja, dame. Ek weet waar jy lees."

179 Sy het gesê: "Toe het die Bybel gesê: 'Op Sy pad daarheen, dat Hy geween het.'"

Ek het gesê: "Dis reg."

Sy het gesê: "Wel, hoe kon Hy Goddelik wees, en dan ween?"

180 Ek het gesê: "Wel, jy faal om te sien wat Hy was. Hy was beide Mens en God." Sien? Ek het gesê: "Hy was 'n Man terwyl Hy geween het. Dis reg. Maar toe Hy gestaan het by die graf van daardie man wat al vier dae dood was, en gesê het: 'Lasarus, kom uit.' en 'n man wat dood was, vier dae, het opgestaan tot lewe en kom uit die graf uit, dit was meer as 'n man." Reg.

181 Ek het gesê: "Waarlik, Hy was 'n Mens toe Hy van die berg afgekom het daardie aand, honger, en oraloor 'n—'n vyeboom gesoek het, om iets te kry om te eet. Hy was 'n Mens toe Hy honger was. Maar toe Hy vyf broodjies en twee visse geneem het, en vyfduisend mense gevoel het, dit was meer as 'n mens." Reg. Dis waar.

182 En ek het gesê: "Hy was 'n mens toe Hy aan die agterkant van daardie skuit gelê het, moeg, waar die golwe nie eens . . . Hom nie eens wakker, skynbaar nie wakker gemaak het nie. Hy was 'n Mens. Ongetwyfeld het daardie tienduisend duiwels van die see gesweer hulle sou Hom daardie nag verdrink. Sien? Nou, Hy was 'n Mens wat daar gelê het, moeg. Maar toe eenmaal op die toneel geroep, amen, het Hy Sy voet op die kant van die skuit geplaas, opgekyk en gesê: 'Vrede," afgekyk na die golwe en gesê: 'Wees stil,' en die winde en die golwe het Hom gehoorsaam. Amen. Dit was meer as 'n mens." Ja, meneer.

183 Hy was 'n Mens aan die kruis, toe Hy geroep het om 'n biejtie water. Hy was 'n mens wat uitgeroep het: "Ek het dors." Maar op Paasoggend, toe Hy die seëls van dood, hel, en die graf verbreek het, en opgevaar het, was Hy meer as 'n Mens. Dit was God in die Mens. Dis reg."

184 En daardie selfde Een lewe in ons, vanaand, as die Gees van die Heilige Gees. Ja, meneer.

185 Mense sê vandag: "Hoe sou ek kon glo dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd?" Onthou, Hy het belowe, in die Boek van—van Hebreërs, dat: "Hy was dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

186 Hy het belowe, ook, in die—die Boek van Johannes, die 14de hoofstuk van Johannes, en die 12de vers, het Hy gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal Hy ook doen. Die dinge wat Ek leef, wat die Vader in My leef, waar Ek die Seun van God is; waar Ek julle aanneem, sal My Gees in julle wees en dieselfde dinge doen." Sekerlik. Dis maar net natuurlik.

187 Weereens, Hy het gesê: "Kyk, Ek's altyd met julle, selfs tot aan die einde van die wêreld." Matthéüs 28, 28:22, of 28:20, is dit. "Kyk, Ek is met julle altyd, selfs tot aan die einde van die aarde. Ek is met julle. 'n Klein tydjie," het Hy weer gesê: "en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien. Want Ek . . ." *Ek* is nog 'n persoonlike voornaamwoord. Sien? "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Daar het julle dit. Dis presies hoe jy dit sal weet. O, weereens: "Ek sal julle nooit begewe of julle nooit verlaat nie."

Julle sê: "Hoe kan dit wees? Hoe kan dit bewys word?"

188 Johannes 14:12, sien: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Hy wag nou om op die toneel geroep te word. Hy was in hierdie uur juis nou, om te bewys presies wat ek van Hom gesê

het, om so reg te wees. As dit nie is nie, dan is *Hierdie* verkeerd en is ek 'n valse getuie. Hy's gereed om sommer nou op die toneel geroep te word, om dieselfde dinge te doen wat Hy gedoen het.

189 So in die skuit waarin ons seil, laat ons Jesus wakker maak in ons lewens. Luister. Ek het dit dikwels gesê. As ek hier op die platvorm gestaan het en vir julle gesê het dat die gees van John Dillinger in my gewoon het, wel, sou ek wapens gehad het en 'n voëlvrye gewees het. Sekerlik. As ek julle gesê het dat—dat—dat Shakespeare in my geleef het, sou ek 'n digter gewees het. As die Shakespeare in jou geleef het, wel, jy, jy sou weet hoe om. . . Jy sou die groot saamsteller van digters wees. Is dit reg? Sekerlik. Jy sou kon. Gedigte, jy sou gedigte kon opmaak, omdat Shakespeare, die—die groot skrywer, in jou sou wees, en jy sou Shakespeare wees. Is dit reg? As Shakespeare in jou geleef het, sou jy nie Shakespeare wees nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik, jy sou wees.

190 As Beethoven in jou geleef het, sou jy nie 'n komponis van liedere wees nie, die groot komponis, Beethoven? Sê: "Beethoven leef in my." Dan sal jy die werke van Beethoven doen. Jy sal sy musiek skryf, sekerlik, as dit in jou geleef het. Jy sou dit sekerlik doen, omdat die gees van hom in jou geleef het.

191 Dan, as Christus in my leef, as Christus in my leef, sal die werke van Christus deur my gedoen word. Sekerlik. As Beethoven in jou leef, sal die werke van Beethoven bekend maak. As Christus in jou geleef het, sal die werke van Christus bekend gemaak word, want Hy is dieselfde. "Dieselfde," Hy kan nie verander nie. Onthou wat ek gesê het? Dis Ewig. Hy kan nie verander nie. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

192 O, roep Hom dan op die toneel. Is jy bang om dit te doen? Is manne van hierdie uur, is manne van hierdie dag, bang om Jesus op die toneel te roep, om te sê: "Here, U het dit belowe. Doen dit nou"? O, goeiste.

['n Suster haal Psalm 103:1-9, 11 aan—Red.] Amen. 'n Psalm.

193 Groot is Jehova! O, magtig is Jehova! Ewigdurend is Jehova. Hy is van ewigheid tot ewigheid. Hy is God. Sy genade bly bestaan vir duisende geslagte, is op hulle wat Hom vrees.

194 Is jy bang om daardie Jesus in jou lewe wakker te maak, wat aan die slaap was vir 'n ruk? Is jy bang om daardie ding wakker te maak wat, 'n paar jaar gelede, neergedaal het op jou en jou met Sy seëninge vervul het? Is jy bang om Hom wakker te maak, en te sê: "Here Jesus, ek is in die moeilikheid, vanaand. Beweeg in op die toneel vir my. Met die vaart oor die seë, is ek deur 'n siekte getref. Ek word geteister. Help my, O Here God. Help my"? Is jy bang om Hom op die toneel te roep? Nee.

195 Wanneer jy Hom op die toneel roep, soos daardie dissipels, neem alle twyfel sitplek in, gaan sit. Geloof staan op. Twyfels is nie meer nie. Geloof het die plek ingeneem.

Daar is in die Bybel geskrywe, dat, Hebreërs 13:8, het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Dit is geskrywe, laat dit nou geskied.

196 Daar is geskrywe in Johannes 14:12, soos ek pas hier aangehaal het: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Maar dit is geskrywe, laat dit nou geskied. Sien? God het dit belowe. God het so gesê.

197 Daar is geskrywe, Matthéüs 28:20: "Kyk, Ek is altyd by julle, selfs tot aan die einde van die wêreld." Sien? "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien; want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die tydperk." Dis geskrywe, "Julle sal My sien." Dit is geskrywe, laat dit nou geskied. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

198 Ek het julle laat gehou. Dis nege-dertig. En ek weet julle het waarskynlik al huis toe en bed toe gegaan teen hierdie tyd. Wag net 'n minuut. Hierdie dinge, ek het omtrent nog 'n dosyn notas daar, maar ek gaan nie daarby kom nie.

199 Kyk. Is hierdie dinge waar? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] As dit nie waar is nie, wat maak ons dan hier? Waarop maak ons aanspraak, iets, dat ons skynheiliges word? Waarop maak ons aanspraak, voor die wêreld, die dinge wat—wat nie eens so is nie? Wel, ons word valse getuies bevind, en ons behoort nie eens toegelaat te word om te lewe nie. "Dan as daar geen opstanding van die dooies is nie, en Christus nie uit die dood opgewek is nie, eet dan, drink, en wees vrolik." Gaan julle almal maar voort en lewe soos die res van die uitvaagsel, saam met die varke, julle sien, as daar geen opstanding is nie. As daar geen koms van Christus is nie, as daar . . . as—as Hy nie hier is nie, en Sy Woorde nie waar is nie, as een jota verkeerd is, dan kan ek nie vertroue in enigiets Daarvan hê nie. Dit alles moet geskryf word, alles moet reg wees.

200 Hierdie is die uur, waar Jesus gesê het: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens." Kyk, kyk na Sodom, net 'n oomblik, ter afsluiting. In Sodom, voor die wêreld verbrand is, die Heidense wêreld verbrand is. Nou, hierdie keer, gaan dit weer verbrand word. Sien? Nie weer water nie; vuur, hierdie keer. "Soos dit was in die dae van Sodom." Nou, kyk na die—die toestand van die wêreld vandag, net soos Sodom, trek sommer op dieselfde manier aan, alles. Ek sê julle. Dis skandelik. En kyk na die wêreld, waad sommer in sonde.

201 Kyk, selfs, het dit in die kerk ingekom. En die eertydse Christen, ons sien hulle, skaars, nie meer nie. En ons—ons vroue, almal knip hulle hare af, dra grimering, dra kortbroek, en—en alles, net onsedelik, en weet nie dat julle op daardie Dag gevra gaan word om vir owerspel verantwoording te doen nie. "Wie

ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg." Jy kan rein wees, deugdelik, soos dit. Maar hoe jy gemaak het, en sondaars jou aanskou, verkeerde manier. Jy het jou aangebied, dan is jy skuldig. Jy's skuldig. Jesus het so gesê. Kyk na selfs ons Pinkstervroue.

202 En kyk na ons predikers, baie van hulle laat vaar, bang om enigiets daarteen te sê, bang dat die denominasionele organisasie hulle sal uitskop.

203 Ek sou liewer op my maag lê, en spruitwater drink, en kraakbeskuitjies eet, en daardie Woord verkondig en die Waarheid praat, ja, meneer, as om te behoort aan enigiets wat daar is. Ja, meneer.

204 O, ons benodig diepte van opregtheid. Ons moet iets terugkry. Ons het nie soveel vertoonkuns nodig nie. Ons het die Heilige Gees nodig wat onder ons leef, tot waar mense kan sê: "Wie kan my van sonde beskuldig?" Sonde is ongeloof.

205 As die Skrifte gesê het dat Jesus so-en-so sou maak, het Hy gesê: "Watter een van julle kan My veroordeel, of My beskuldig van sonde?"

206 Nou, daar's net een sonde, dis ongeloof. Dis, geloof of ongeloof. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." Jy kan rook, drink, en hierdie dinge doen omdat jy nie glo nie. Maar as jy wel glo, sal jy anders maak. Sien? Dis omdat óf geloof óf ongeloof in jou is.

207 Nou, kyk. Sit stil net vir 'n minuut. Nou hier's 'n yslike groot uitspraak. Ek kyk oor hierdie gehoor heen, eerstens. Ek kyk rond.

208 En ek—ek—ek ken een persoon wat ek daar kan sien, wat ek—ek nie weet dat ek hom ken nie. Dis 'n man wat—wat ek nou die dag gestop het. Ek het nie geweet nie. 'n Bus het 'n linksdraai probeer maak, en mense wat draai. Ek het gedink: "Daardie kêrel probeer links, omkom." Ek het gestop, en hom beduie om om te kom. En daar sit 'n busdrywer hier. En dis . . . en hier. Ek het hom daar by Furr se restaurant ontmoet vandag, of kafeteria, en hy het my gesê hy is die man. Het gesê sy vrou is genees in een van die dienste êrens met 'n nierprobleem, drywende nier of iets, en is uitgeroep, in die diens. Sien? Ek nooit . . . God in die Hemel weet ek het die vrou nog nooit in my lewe gesien nie. Ek het haar nog nooit gesien nie. En hier's die man. Ek skat, sy vrou, ek reken sy's hier êrens, sal 'n getuienis wees. Sien? En dinge, dit gaan net aan en aan. Sien?

En ek sien nie enigeen wat ek werklik ken nie.

209 Maar, onthou, God ken elkeen van julle. Hy weet wat in jou hart is. En as Hy die Woord is . . . Glo julle Hy is die Woord? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die Bybel het gesê: "Die Woord van God is kragtig, skerper as 'n tweesnydende swaard, 'n

Onderskeier van die gedagtes van die hart." Is dit reg? ["Amen."] Dis waarom Jesus kon staan en hulle gedagtes waarneem, en hulle sê wat hulle gedoen het. Sien? Dis reg.

210 Die vrou het Sy kleed aangeraak. En Hy het omgedraai, gesê: "Wie het My aangeraak?" Hy het op daardie tydstip nie geweet nie. En almal het dit ontken.

211 Maar Hy het rondgekyk, tot Hy uitgevind het waarheen daardie krag gegaan het. Hy het dit op 'n vroutjie gesien. En Hy het haar van haar bloedvloeïng gesê, en het gesê, dat: "Jou geloof het jou gered." "Jou geloof." Sy het getrek deur God, getrek van God, deur Hom. Dis waarom krag uitgegaan het, sterkte. Haar geloof het God aangeraak, deur Hom. Sien?

212 Nou: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook." Sien wat ek bedoel?

213 Iemand het gesê: "O, ons doen groter werke." Wel, doen maar net die werke, eers, julle sien. En doen net die werke. Sien?

214 Jy sê: "Ons verkondig die Evangelie regoor die wêreld. Dis goed." Jy probeer agter iets skuil, kêrel. Sien?

215 "Die werke wat Ek doen, ook. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen; en meer as dit, want Ek gaan na die Vader toe." Sien?

216 Kyk na die vrou by die put, ensovoorts. Dis hoe hulle geweet het Hy was Messias. As Hy, vanaand, na die stad gekom het, hoe sou julle weet dit was Hy? Sien? Spykermerke, enige skynheilige kan dit doen, sit 'n spykermerk in sy hand, sien, enigiets. Nee, meneer. Die enigste manier wat hulle dit ooit weet, is die identifisering van die Gees, sien, sal die werke doen wat Hy gesê het Dit sou doen. Nou, ek glo dit.

217 Waarom is ek saam met hierdie groep Pinkstermense? Ek behoort nie aan enige van hulle organisasies nie, omdat ek net in die bres staan en sê: "Ons is broers," alles daarvan. Sien? Omdat ek glo hulle het die naaste ding aan wat ek dink die Bybel is, van enigeen wat ek ken. Sien? Dis—dis waarom ek dit doen. Ek sluit nooit aan nie, want ek sien hulle aan beide kante, broers met die Heilige Gees. Ek glo dit. Ek weet dis waar. Sien? En so hou ek nie daarvan om te bou op *hierdie* een, of te bou op *daardie* een nie, of te neem van *hierdie* en *daardie*. Ek staan net ek sê: "Ons is broers." Vergeet net *daarvan*. Laat ons broers wees, julle sien. Laat ons net broers wees. En solank as Satan ons aan die veg met mekaar het, wel, hoef hy glad nie te veg nie. Maar solank as ons daardie geveg vergeet, en arms en harte verenig, en sê: "Ons is broers," is ons dan voorwaarts, Christenstryders, daardie groot herlewing. Geen ekumeniese raad sal dit ooit bykom nie. Nee, meneer. Dis die keuse van God, die Uitverkorenes wat nou uitgeroep is. As die dag . . .

218 Onthou maar, die laaste teken wat gedoen is, voor Sodom verbrand is, was God gemanifesteer in 'n menslike liggaam. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek vra dit. Drie Engele het na Abraham toe gekom.

219 En twee van die Engele het voortgegaan daar in Sodom in, om 'n waarskuwing te gee. Dit was aan die louwarm, die denominasionele kerk, 'n moderne Billy Graham, ensovoorts.

220 Maar Abraham het voorgestel, soos dit in daardie dag was, die uitverkore Kerk wat nie daar in Sodom was nie. Dis buite Sodom, die ware wedergebore pinkstermense en almal wat uit die Gees gebore is. Nou hou daardie Een dop wat agtergebly het en met Abraham gepraat het. Het gesê . . .

221 Onthou nou, sy naam was Abram, 'n paar dae vantevore, en Sara was S-a-r-a-i. En is verander na Abraham en na S-a-r-a, Sara. Sien? A-b-r-a-h-a-m, *Abraham*: "vader van nasies." Sien?

222 En is dit nie treffend nie, dat, al die groot manne wat ooit uitgegaan het na die Sodomkerk, in die wêreld vandag, al die groot manne wat ooit daarheen gegaan het. Daar was Billy Sunday, 'n Sankey, Finney, Knox, Calvyn, Luther, sovoorts. Nie een van hulle het ooit 'n naam gehad wat met h-a-m geëindig het nie, tot vandag, G-r-a-h-a-m. Nie 'n ander een, op enige tyd nie. Dis ses letters. Waar, Abraham is A-b-r-a-h-a-m, sewe, volmaak. Sien? Maar kyk. Die Engel wat na Abraham gekom het, het vir hom gesê: "Abraham," nie Abram nie. "Abraham, waar is jou vrou," nie Sarai nie, maar: "Sara."

En die Bybel het gesê: "Sy is in die tent agter U."

223 En Hy het gesê: "Ek . . ." Daar is dit, persoonlike voornaamwoord weer. "Ek gaan jou besoek, Abraham," volgens die belofte wat Hy gee.

224 Wie was dit? Stof op Sy klere. Eet 'n kalf, drink die melk van die koei, eet botter, brood. Sit daar, tree op asof Hy vol stof en moeg was. Laat . . . Het Sy voete gewas, 'n Mens, het dit na gelyk. En Hy het gesê: "Waar is Sara?"

Gesê: "Sy's in die tent, agter."

"Ek gaan jou besoek, volgens . . ."

225 En sy het, wat noem jy dit, afgeluister, julle weet, geluister deur die tent. Sy het nie uitgehardloop soos die vroue vandag nie, weet julle, en moet nie, julle weet. Maar, sy, sy luister deur die tent, na wat haar man te sê gehad het. Daardie, sê sy wat hy nie behoort te sê nie. So toe het sy so geluister, deur die tent. En toe sy gehoor het . . . nie julle susters nie, nee, nie; julle weet beter as dit. Sien? Maar, wel, sy het geluister.

226 En sy—sy het gelag, in haar mou, gesê: "Ek, 'n ou vrou, 'n honderd jaar oud, en my heer, ook oud, en ons sou weer genot hê?" Sien, as man en vrou, het hulle opgehou, jare en jare tevore. "Ek weer genot met my man hê, ons saam genot hê?" En sy het gelag.

227 En die Engel, met Sy . . . Die Man, met Sy rug na die tent, het gesê: "Waarom het Sara gelag?"

En sy het gesê, sy het uitgehardloop en bely: "Ek het nie gesê nie."

"Maar jy het." Sien?

228 Nou, God sou haar lewe net daar geneem het. Maar hy kon haar nie skaad nie, want sy's deel van Abraham. O, ons sou lank gelede al weg gewees het, as nie deel van Christus was nie. Al die dinge wat Hy gedoen het, en ons het gegaan en gesê: "Dis telepatie. Dis *dit*, *dat*, of die *ander*." Maar Hy kan jou nie aanraak nie. Sien? Toorn kan jou nie aanraak nie, want jy's deel van Christus wanneer jy wedergebore is. Sien? Sien? Hy kon dit nie doen nie, want dit sou Abraham skaad. Sy belofte was aan Abraham, en Sara is 'n deel van Abraham. En die Kerk is 'n deel van Christus, die Bruid. Sien? Hy kon dit nie doen nie, alhoewel haar ongeloof.

Hy het gesê: "Maar jy het."

229 Die Bybel het gesê sy was bevrees. Miskien was sy bevrees sy sou haar lidmaatskap verloor of iets, maar, sien, sien, soos vandag. Maar—maar sy was bevrees.

230 En, let op, daardie selfde Man gee die seëninge aan Abraham. En 'n belofte, dat, as hy tien regverdige siele kon vind, Hy dit nie sou vernietig nie, en het voor hom verdwyn.

231 En Abraham het hom *Elohim* genoem, die "algenoegsame Een." Neem nou jou Bybel en kyk. As . . . "In die begin God . . ." Kyk of dit nie "Elohim" is nie. En hier het Abraham, wat met Hom gepraat het, genoem hierdie manifestering as 'n mens hier, net voor die verbranding van Sodom, wat die gedagtes in die gemoed kon onderskei, gesê dit was "Elohim."

232 En Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees." Nou kyk wie na die kerk, die denominasie gegaan het. Hou dop wat God onder die Uitverkorenes aan die doen is. Net daar is die laaste teken wat Abraham ooit ontvang het, die—die Kerk wat uitgeroep is, ontvang het voor Sodom gebrand het. Ons is in die laaste dae.

233 Vriende, maak Jesus wakker. "Here, U het die belofte gemaak." Moenie bang wees nie. Sê: "Here God, moedig stap ek uit. Ek wek myself, hierbinne. Word wakker, Here, vir my geroep. Ek verkeer in nood. Wees my genadig. Ek was ongelowig, en vergewe my daarvoor. Laat my, van nou af, wil ek U op die toneel oproep, vir my saak."

234 Die Bybel het gesê: "Hy's 'n Hoëpriester wat geraak kan word deur die meegevoel met ons swakhede." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nuwe Testament, Hebreërs 1, Hebreërs 3, 'n Hoëpriester. "Nou sit Hy aan die regterhand van God, 'n Hoëpriester wat geraak kan word." En as Hy dieselfde is, gister,

vandag, en vir altyd, hoe sou jy weet jy het Hom aangeraak? Hy sou optree net soos Hy gister gedoen het. Dit sou Hom vandag maak. Is dit reg? ["Amen."]

235 [Leë kol op band—Red.]...in siek liggame hierbinne vanaand. Here, U is God, en daar is geen soos U nie. Die enigste ding wat ons moet doen, is wakker word, onsself skud, Jesus op die toneel oproep. En, Vader, wanneer U op die toneel kom, spreek dat U dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd, en laat ons vanaand weet dat U steeds in die skuit is. U is steeds hier. U het gesê: "Ek sal julle nooit begewe nie. Ek sal julle nooit verlaat nie."

236 En laat dit bekend wees vanaand, Here, dat ek die Waarheid vertel het. Maak nie saak hoeveel woorde ek sou sê nie, dit sou steeds nie wees soos U wat een ding sê nie. Net een woord van U sal meer beteken as enigiets wat enige mens kon sê. Ons wil U hê, Vader. Kom net genoeg op die toneel dat hierdie mense hier kan sien U is in die skuit, en ek glo dat elke sondaar hom sal bekeer. Ek glo elke afvallige haas gou na die altaar. Ek glo elke siek persoon sal gesond gemaak word. Sal U dit nie skenk nie, Here?

237 Ons doen 'n beroep op U. Kom, Jesus. Sommige sal vergaan, Here. Sommige sal die Ewige dood sterf, die skeiding van God, as U nie op die toneel kom nie. Ons vergaan, Here. Sommige van hulle het U groot genesingswonderwerk vergeet. O God, beweeg op die toneel. Ons doen 'n beroep op U. Kom en maak ons gewete wakker, Here, en die Gees van Christus wat binne-in ons is. Ons bid deur Jesus Christus se Naam.

238 Nou met ons hoofde gebuig, as die pianis na die klavier sal kom, of waar dit ook al is. En ons vra vir eerbied. En nou laat ons net so eerbiedig wees as wat ons weet om te wees, vir 'n minuut. *Glo Net*, as jy sal, suster, stadig.

239 Nou, bid elkeen van julle. Nou, bid self. Ek wil weet hoeveel hierbinne wat nie 'n gebedskaart het nie, en jy's siek en jy wil hê God moet jou aanraak, sal julle julle hande opsteek. Goed. Goed. Nou, hoeveel het gebedskaarte? Steek jou hand op. Wel, daar's omtrent twee keer soveel wat nie gebedskaarte het nie, as wat daar is wat gebedskaarte het. Ongeag of jy het of nie het nie, dit beteken nie iets nie.

240 Dit beteken julle kom hiernatoe. Ek sou die pastoor kry, kom hiernatoe, ons sou hande lê op julle en vir julle bid. Nou, dis—dis goed. Sien? Dis werklik goed. Maar luister. Julle weet, oplê van hande, ek glo daaraan. Dis presies reg. Ja, meneer, verbind jou met die offerhande. Ek glo daaraan. Maar, kyk, die Romein eenkeer...Dis 'n Joodse tradisie. Jaïrus het gesê: "Kom, lê U hande op my dogter en sy sal lewe."

241 Maar die Romein het gesê: "Ek is nie waardig dat U onder my dak kom nie. Spreek net die woord, my dienaar sal lewe." Nou, as Hy dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd . . .

242 En ek ken julle nie. God in die Hemel weet dat ek nie enigeen sien, behalwe hierdie busdrywer hier, wat ek ken, op die tydstip nie. Ek weet ek het 'n paar mense . . . Broer Sothman en hulle is hierbinne. My vrou is hierbinne êrens, maar ek—ek sien haar nie op hierdie tydstip nie. Ek—ek doen dit nie. En ek sien Broer Sothman nie. Maar hulle is nie hier . . . Hulle is hier, bedoel ek, maar ek weet nie waar nie.

243 Nou wil ek hê julle moet bid. Bid net werklik opreg, sê: "Here, help my." En soos jy bid, bid die gebed van geloof, bid dat God jou jou versoek sal gee. En sê: "Here, ek weet daardie man ken my nie, maar as U maar net vir my sal bewys U is in die skuit, dat U hier in die gebou is vanaand. Dan, ek weet dat Broer Branham my nie ken nie, niks van my af weet nie. Maar hy het my gesê, pas vanaand, dat U dieselfde is, U is dieselfde Messias, en het belowe dat as hy U sou glo, dat U dieselfde werke deur hom sou doen, wat—wat U deur die Messias gedoen het, omdat Sy Gees by ons sou wees. Dan as ek weet, bewys kan word dat U hier is, dan is dit al wat ek hoef te weet. Ek sal dit glo met my hele hart." Sal julle dit doen? En as Hy op die toneel sal opbeweeg en iets doen soos Hy toe gedoen het, dan sal julle weet dis die werke wat Hy gedoen het.

244 Kyk wat Hy gedoen het toe Hy Petrus gesien het, Natániël, die vrou by die put, blinde Barteméüs, hulle wat Hom aangeraak het, die vrou met die bloedvloeïng. Sien? Dis hoe hulle geweet het Hy was die Woord, want Hy kan hulle gedagtes onderskei. Hy het belowe, met die laaste teken, voor die verbranding van die aarde, sou dit weer terugkeer, die laaste teken aan die Kerk. Hier is ons. Daar's die boodskap aan die kerk-denominasioneel daarbuite. Hier is die Boodskap aan die Kerk, die pinkstermens, die Uitverkorenes, die uitgetrektes. Glo nou.

245 Nou, Hemelse Vader, is hulle in U hande. Ek is in U hande. Ek wy myself toe aan U, wy hulle toe aan U, dat die werke van God bekend kan word, dat hierdie klein gebroke boodskappie vanaand, gemanifesteer kan word vir hierdie mense hier in Tucson, hier ver in die middel van die woestyn. Vader, God, in hierdie lieflike kerkie, met U lieflike klein pastoor hier, Here, dat hierdie kerk altyd sal lewe van die resultate van die Woord van God, dat hulle kan weet dat Jesus steeds in die skuit is. Dat, omdat die herlewing nie voortgaan nie, dit nie beteken Hy is weg nie. Hy's reg by ons, gereed om enige tyd geroep te word, nie moeilik om te wek nie, maar sal tot ons redding kom.

246 Ek vra U, Here, dat die mense kan weet dat U God is, en U is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Ek wy myself aan U toe, en die kerk, dat, tussen ons, tussen hulle geloof en die gawe wat

U my gee, dat hulle geloof hierdie gawe van God kan laat werk, wat deur hierdie gehoor sou roep, dat, hierdie onbekende mense, en maak soos U het toe die vrou U kleed aangeraak het.

247 U is ons Hoëpriester, Here. Mag hierdie mense U kleed aanraak, en U U boodskap terugstuur aan hulle, soos U deur Jesus Christus, U Seun, gedoen het. Waar ons, die niewinsgewende diensknegte van Hom, geheilig deur Sy kosbare Bloed, die werke van God bekend kan laat raak vir 'n sterwende wêreld in die laaste dae. En ons sal U daarvoor loof, Vader.

248 Dan wanneer ons vanaand huis toe gaan, langs die pad, sal ons sê soos hulle wat van Emmaus gekom het, nadat Hy dood was, opgewek is, en Hy iets gedoen het soos Hy gedoen het voor Hy gekruisig is. Hulle het geweet dit was Hy. Geen ander mens kon dit doen nie. En doen dit weer vanaand, Here. Maak soos U belowe het. Dis U belofte. "Die Werke wat Ek doen, sal hy ook. Ek sal met hom wees, selfs in hom, tot die einde, van die wêreld." Dit sal dit bevestig, Here. En ons sal sê ons harte was brandende in ons. Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

249 Nou, in die Naam van die Here Jesus, vra ek julle om stil te sit, eerbiedig, glo.

250 Nou, kyk na die gehoor, met hierdie Woord van God voor my, sê ek dat die enigste persoon wat ek regtig herken is hierdie broer *hier*. En nou sien ek wel my vrou agter, en daaragter. Maar laat ons hier aan die voorkant begin.

251 Nou bid julle, en sê: "Here Jesus, ek het baie prediking gehoor. Ek het meesterstukke van preke gehoor. Maar ek wil U sien, soos die Grieke gesê het: 'Meneer, ons wil Jesus graag sien.'" Hulle wou nie die filosofie ken nie. Hulle wou Hom sien, om Hom te ken, niks anders nie, behalwe Hy. En Hy is die Woord, sien, om Hom persoonlik te ken. Sê: "Ek's soos die vrou wat die bloedvloeïng gehad het. Ek is behoeftig. Sal U net Uself manifesteer vanaand en tot my spreek? U is die Hoëpriester. Ek sou dalk nie U stem herken, as U sou spreek nie. Maar as U deur menselippe praat, soos U gesê het."

252 God doen niks sonder menslike bemiddeling nie. Hoeveel . . . Julle weet dit. Sien? Hy—Hy moet iemand gebruik. Nou sal julle . . . As Hy dit sal doen, en bewys dat Hy net hier by ons is, sal julle julle genesing aanvaar? Steek jou hand op, sê: "Ek sal. As ek Hom dit kan sien doen, sal ek dit aanvaar." God seën julle. Bid nou.

253 En nou as Hy enigiets wonderbaarlik doen, moenie twyfel nie. Glo net. Julle kan na *my* kyk, doen wat julle ook al wil, maar solank julle net glo dat Hy is. Glo julle dit, deur Goddelike gawe, gestuur deur God, gemanifesteer deur 'n Engel? En hier staan ek, hierdie predikers rondom my, reg hier. Daar's nie 'n ding . . . Dit reg, broer? [Die prediker sê: "Dis reg."—Red.] Ons sit almal hier. Daar is julle daar.

254 Ek ken julle nie. God weet dit. Ek weet nie een ding van julle nie, maar Hy wel. Nou, deur 'n ongesiende Persoon, die Heilige Gees, Wat slegs kan bekend maak deur Sy manifestering, vir julle kan openbaar presies wat Hy gesê het die Woord sou doen. Wanneer die Woord vlees word, is dit 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart. Is dit reg? Dis waarom Hy dit kon doen. Glo julle nou. Wees gelowig. Moenie twyfel nie. Wees net gelowig.

255 So 'n aangename tyd! Ek dink dit is die wonderlikste tye van my lewe, wanneer ek voor 'n klomp mense kan staan en hulle laat weet dat hulle aanbidding nie tevergeefs is nie. Elke ander godsdiens in die wêreld is vals, behalwe Christendom. Elke ander godsdiens in die wêreld is verkeerd, behalwe Christendom. Christendom is die enigste een wat jou na 'n leë graf kan wys, en 'n hart kan oopmaak en sê: "Hy leef hier," en dit bewys. Nou, hier is wat Hy belowe het. Sal Hy Sy belofte hou? Dis dit. Hou Hy Sy belofte? Ja, meneer.

256 Jy sê: "Wel, Broer Branham, kom af en genees my."

257 Ek wens ek kon. Hy't dit alreeds gedoen. Die enigste ding wat Hy wil hê jy moet doen, is om dit te glo. Sien?

"Sal jy my red, Broer Branham?"

258 Ek wens ek kon. Maar Hy't dit alreeds gedoen. Jy moet . . . Die enigste ding wat Hy sou kon doen, as Hy hier gestaan het met hierdie pak aan, wat Hy my gegee het, die enigste ding wat Hy sou kon doen, is net presies wat ons Hom vra om nou te doen, sien, ons net te laat weet dat dit Hy is.

259 "Wees nie bevrees nie, dis Ek. Hou goeie moed." Sien? Die dissipels, toe Hy op die water geloop het, het gedink dit was 'n gees, 'n spook, of iets. Hy was bevrees. Hy het gesê: "Wees nie bevrees nie. Dit is Ek." Sien? En dis wat Hy vanaand sou sê. "Wees nie bevrees nie. Dit is Ek."

260 Ek kyk na 'n vrou wat net hier sit, reguit na my kyk. En as julle Dit nou nie kan sien nie, daar's daardie Lig reg bo die vrou wat net hier sit. Ek ken jou nie. Maar, hier is een ding, jy ly aan 'n probleem in jou rug. Is dit reg? As dit reg is, steek jou hand op. Goed. Jou geloof maak jou gesond.

261 Sê my wat sy aangeraak het. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Is ons vreemdelinge vir mekaar? As dit reg is, steek jou hand op. So, sien, ek het die vrou nog nooit in my lewe gesien nie. Maar ek het haar *so* gesien, en ek het geweet dit is hier waar dit was. Goed. Ja.

262 Hier, hier is iets. Hier sit 'n dogtertjie hier op die voorste sitplek, net 'n kind. Sodra ek haar naam gesê het, het sy—sy begin huil. Die dogtertjie is op soek na iets egs. Haar suster is aan die huil, agter haar. Ek ken nie die kind nie, het haar nog nooit in my lewe gesien, waarvan ek weet nie. Maar sy soek na die doop van

die Heilige Gees. Dis waar. Is dit waar, dogtertjie? Dis reg. Steek jou handjie op. Sien? Daar het julle dit. Sy's nie van hier nie. Sy kom van oos hiervandaan af. Sy's 'n sendelingprediker se dogter. Terloops, haar vader wil my graag oor 'n vraag sien. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, maar dis presies die waarheid. Moenie bang wees nie, skat. Jy sal die Heilige Gees ontvang. Jou geloof doen dit. Glo net.

263 As daardie kindjie dit kon doen . . . Vra die kind, kyk of dit reg is of nie. As daardie kindjie . . . Wat het hulle aangeraak? Dogtertjie, het jy 'n gebedskaart, skat? Jy het nie? Jy—jy het dit nie nodig nie. Sien? Jy het meer as wat 'n gebedskaart is, skat. Jy het geloof.

264 Onthou, sy sal die Heilige Gees ontvang. Sy, sy sal Dit ontvang. Eerlik, Dis sommer nou by haar. Sê: "Hoe weet jy?" Hoe het ek geweet wat verkeerd was, wat sy wou hê? Sien? Nou, as daardie kind, "'n kind sal hulle lei," waarom nie nou jy nie?

265 Daar sit 'n dame net hier, kyk na my. Sy ly aan 'n senuweetoestand. Sy bid vir haar man, ook, wat ongered is. Sal jy met jou hele hart glo, kan jy ontvang waarvoor jy gevra het. Amen.

266 Hier, 'n jong vrou sit reg agter *hier* in die buitekantste ry, sy het 'n vroulike probleem. Glo jy met jou hele hart, sal jy genees word. Glo jy dit?

267 Daar sit 'n gekleurde vrou reg agter haar daar. Sy is in gebed, maar sy bid vir 'n geliefde. Dis 'n bejaarde man, 'n skoonvader. En daardie skoonvader was vir jare siek gewees. Dis reg. Ek's 'n vreemdeling vir jou. Is dit reg? Dit is veroorsaak deur 'n soort ongeluk wat die probleem laat begin het. As dit reg is, steek jou hand op. Goed. Glo jy? Jy kan ontvang waarvoor jy gevra het.

268 Terloops dit het begin rol. Nog 'n gekleurde dame wat daar reg agter sit, sy ly aan 'n asma probleem. Die dame gaan dit mis. God, help my. Mev. Jamison, glo jy met jou hele hart. Staan op op jou voete. Ek ken jou nie. Maar, glo jy met jou hele hart.

269 Julle sê: "Ken haar naam?" Wel, sekerlik. Het Hy nie vir Petrus gesê wat sy naam was nie? Ja. Sekerlik. Hy weet alle dinge.

270 Hier sit 'n man hier, gaan aan kanker sterf, as iets hom nie spoedig aanraak daar nie. Het kanker. Dis reg. Glo jy? Doen jy dit? Glo jy God kan my sê wie jy is? Mnr. Ladd, dan, as jy met jou hele hart glo, kan jy genees word. Ek het die man nog nooit in my lewe gesien nie.

271 Roep Jesus aan. Hy's nou tussen julle. Sien julle nie? Glo julle? Julle moet geloof in God hê. Glo julle julle kan Hom nou in julle gewete wakker maak? Sien? Is julle gelowig? As julle is, plaas julle hande daar op mekaar, *so*. Plaas net julle hande op

mekaar. Roep Hom op die toneel. Dis Hy. Glo julle dit? Dis Hy. Vra hierdie mense. Ek het hulle nog nooit in my lewe gesien nie.

272 Dis nou oral, oraloor die gebou nou, soos julle julle hande op mekaar het. Kan julle nie my woord aanvaar nie? As God bevestig het dat ek die waarheid gepraat het, sien, neem dan my woord daarvoor. Ek vertel julle wat die waarheid is. Wat is die waarheid? Lê julle hande op mekaar. Moenie twyfel nie. Die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekies lê, sal hulle gesond word." Hier is Jesus tussen ons, sommer nou, die Gees van Christus.

273 Nou, soos julle julle hande lê op die persoon wat saam met jou is, nou bid julle vir hulle. Gaan net voort, lê julle hande op hulle en bid. Ek gaan hiervandaan bid. En ek glo God gaan elkeen van julle genees. Plaas julle julle hande daar op hulle, en glo, terwyl ons bid.

274 Here Jesus, ons is dankbaar teenoor U. My hart is op loop, want hier is U, net hier in Tucson. Hier is U, net hier in hierdie kerkdiens. U is hier tussen die mense. U het dit bewys, Here. Hoe kon hierdie dinge gedoen gewees het, tensy dit van God is? Geen wonder nie, die apostel het gesê: "'n Man wat God behaag het tussen ons, deur tekens en wonders, wat (Hy) God gedoen het deur Hom in die midde van ons almal, waarvan ons getuies is." En hier is daardie selfde Man, Jesus Christus, die Seun van God, in die vorm van die Heilige Gees, vanaand, beweeg onder ons, bevestig Sy Woorde. "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Ons weet dat U hier is, Here. U het ons nie verlaat nie.

275 Nou, hierdie mense het hulle hande op mekaar. Hulle is gelowiges. Hulle bid vir mekaar, en hulle glo dat U hulle gesond gaan maak.

276 Deur die Woord van die lewende God, deur die uitdaging wat die Woord bied, dat: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." In die Teenwoordigheid van die herrese Jesus Christus, die Seun van God, in Sy Teenwoordigheid! Die Teenwoordigheid, die Heilige Gees wat juis nou hier is, en bewys het dat dit Jesus tussen ons is, het ons wakker gemaak, Here, uit ons sluimer, dat ons harte vinnig klop met geloof en lof.

277 In die Naam van Jesus Christus, mag elke siekte wyk van die mense op hierdie minuut. Mag hulle vrygemaak word van al hulle siekte en beproewinge wat hulle het. Ek daag Satan, deur die Teenwoordigheid van Jesus Christus, in die herdenking van Sy Woord, wat gesê het: "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf." Ons, as gelowige manne en vroue, ons daag hierdie duiwel uit. In die Naam van Jesus Christus, verlaat hierdie gemeente. Kom uit elkeen van hulle uit. En mag hulle vry wees, vanaand, om huis toe te gaan, om hulleself vry van siekte, vry van pyn, vry van beproewing te bevind, elkeen van hulle, Here. In Jesus Christus se Naam, mag dit so wees.

278 Met julle hoofde nou gebuig, hou aan bid vir mekaar. Nou, as daar 'n man of 'n vrou is, wat 'n twyfel in hulle hart gehad het, seun of dogter, en glo dat julle nou in die Teenwoordigheid van die Een waaroor ek vanaand gepraat het, Wat volmaak opgetree het en julle gesê het; en vir julle deur Sy Woord bewys het, dat Hy dit sou doen, ingekom het en gedoen het presies wat Hy gesê het Hy sou doen, sien, onder ons vanaand. En as jy nie 'n kind van God is nie, sal jy hier na die altaar loop terwyl die Heilige Gees my salf en hierdie ander salf, en ons vir jou laat bid? Sal julle kom terwyl ons ons hoofde gebuig gehad het, net ons hoofde vir 'n minuut buig, soos ons vir onsself neurie: "Glo net, alle dinge."

279 Jy sê: "Broer Branham, ek het vir jare na God gesoek, en ek—ek—ek was nooit in staat om met die Gees vervul te word nie. Ek's nie 'n wedergebore Christen nie. Ek—ek wil wedergebore wees. Ek—ek wil dit regtig hê. En ek, Broer Branham, ek wil hê jy moet vir my bid."

280 Sal julle hierheen kom en hier staan, terwyl ons dit deurneurie, of dit eenkeer sing, met ons hoofde gebuig en ons harte geboë? *Glo Net*. Ek voel gelei om dit te doen, op 'n manier. Ek weet nie. Ek doen dit nooit. Maar ek voel gelei om dit juis nou te doen, dat hierdie oproep gemaak moet word. Sodat, aan die einde van die tydperk, wanneer ek weer voor julle staan . . . Dalk nooit weer nie, as ek hierheen terugkom 'n jaar van vandag af, sal daar wees . . . As ek die jaar leef, baie hier sal nie. Sien? Hulle sal nie wees nie, omdat daar ouer mense hier is. En—en baie van julle sal nie 'n jaar van vanaand af hier wees nie, maar ek sal julle een of ander tyd moet ontmoet. So, in die Teenwoordigheid van Christus, vra ek julle om nou na vore te kom, in Jesus se Naam, en aanvaar Hom as julle Verlosser, terwyl ons sing met ons hoofde gebuig.

Glo net, glo net . . .

Wil julle hê ek moet saam met julle bid, sal julle hiernatoe kom?

Alle dinge is moontlik, as jy net . . .

281 Glo net Hy is hier, dink net, daardie lieflike Een voor jy voor Sy oordeel sal staan een of ander tyd. As sonde jou hinder, sal jy nie na vore kom nie? "Glo net, Alle . . . " Dis reg. Kom net nader. Kom reguit hiernatoe, suster. Iemand anders kom sommer nou? Kom reguit vorentoe. "O Here, ek . . . " Dit is dit. Dit is dit. Kom.

Here, ek sal glo.

282 "Ek sal sommer nou glo, Here, U is hier." "Alle . . . " "Ek het probeer Here, maar ek weet nie hoe nie. Alle dinge is moontlik. Here, ek glo. Ek wil reg wees teenoor God. Ek sou wou." God seën julle, seuns, kom van buite af.

283 [Iemand sê vir Broer Branham: "Moet hulle *hier* uitkom?"—Red.] Nou, dit in orde, broer. Dis sommer reg. Ek sal net daarnatoe gaan. Ek sal julle almal neem daar . . .?. . .

O Here, ek glo;
Alle dinge is moontlik. O Here, ek . . .

284 Here, nadat U opgestaan het uit die dood, negentienhonderd jaar gelede, en hier het U 'n belofte gemaak dat ons U sou sien in die laaste dae, dat U hierdie einste ding sou doen. En hier kom U aan, vanaand, reg voor my oë, in hierdie intellektuele tydperk, wetenskaplike tydperk, en breek elke wet van die wetenskap, verbreek alles wat kritici gesê het, en kom daar reg tussen ons, en bewys dat U opgewek is uit die dood. "Ek sal glo, Here. Ek glo," terwyl ons dit nog een keer sing.

Here, ek glo.

285 Sal julle nou kom, res van julle, kom net uit. Skuif op, almal van julle. Almal wat Christus wil aanneem, vanaand, sal julle nie kom nie?

Alle dinge is moontlik, O Here, ek glo.
O Here, Here, ek sal glo.

286 Niks anders hoef gedoen te word nie, Here. Dis die laaste teken wat U belowe het. Verkondig die Woord, genees die siekes; onthou, die Woord is verkondig, die siekes is genees. Maar hier is die laaste teken aan die uitgeroepte Kerk, die uitgeroepte Pinksterkerk. Sy laaste teken. "Ek sal glo."

287 Nou, waar ons hierdie het, 'n volmaakte getal hier vanaand, van sewe, beteken voltooïng. Ek wou net seker wees. Die Heilige Gees . . .Julle sien my nooit 'n genesingsdiens hou, dan reg omdraai en 'n altaaroproep maak nie. Sien? Maar die Heilige Gees het gesê: "Doen dit." Sien? "Doen dit sommer nou. Dit is die tyd. Doen jy dit." Ek het gedink . . .Ek het daar na Broer Mack gedraai. Hy het gesê: "Doen jy dit." Hier is hulle, sewe, die volledige getal. Mag hulle laaste oproep wees, maar hulle het gehoor gegee. Hulle het gedoen net presies wat God hulle gesê het om te doen.

288 "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe, sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan van die dood tot die Lewe." Hulle het oorgegaan van die dood tot die Lewe.

289 "Hy wat hom vir My skaam voor mense, vir hom sal Ek My skaam voor My Vader en die heilige Engele. Maar hy wat My sal bely voor mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die Heilige Engele." Hier staan hulle, drie mans en vier vroue.

290 En het julle geweet dis hoe die geboortesyfers is in die wêreld vandag, in die Verenigde State? Vier vroue vir elke drie mans. Dis hoe die geboortesyfers is. Hier is die geboortesyfers weer

vanaand, kom in die kerk terug. Amerika kry haar laaste. Sy is klaar. Dis al. Ons is by die eindtyd.

291 Nou wonder ek of ’n paar vroue, ’n goeie moeder of vrou hier, wat vervul is met die Heilige Gees, drie of vier van julle, hiernatoe sal kom, staan by hierdie susters, terwyl ek vir hulle gaan bid. En drie of vier broers, miskien ons broers in die bediening hier, daarnatoe loop, staan by hierdie goeie jong manne wat hier staan, hier staan terwyl ons saam kan getuig. Ek gaan afkom, bid, en hande lê op hierdie mense. En ek wil hê elke persoon in hierdie kerk moet saam met my glo, terwyl ons bid. Dis reg. God seën julle, broers. Ek kom saam af met julle, om hande op hulle te lê.

292 Nou wil ek almal werklik eerbiedig hê, as julle sal, net vir ’n minuut, mees gewyde deel.

293 Nou kyk. Dit is al wat hulle kan doen. Is. . . Kyk. Weet julle, hulle het die Stem van God gehoor, en hulle het hiernatoe opgeloop. Hierdie jong manne in hierdie tydperk, hierdie vroue in hierdie tydperk, het hiernatoe opgeloop om ’n publieke belydenis te maak, hulle is klaar met sonde. Ek het gesê: “Wie ook al Jesus Christus as hulle Verlosser wil aanneem, kom vorentoe.”

294 En die Teenwoordigheid van God wat die gedagtes bekend maak, die mense sê wat met hulle verkeerd is, wie hulle is, wat omtrent hulle, waar hulle vandaan kom, sien, as dit nie Christus is nie, wat is dit dan? Dis ’n belofte. God het gesê Hy sou dit doen. En daardie mense, miskien die eerste keer dat hulle ooit. . . En hulle, sondaars, hulle het gesê: “Ja, ek glo dit. Dit is dit. Daar word die Woord ge—gemanifesteer. Dit word vlees. Die Woord is weer vlees, God wat deur menslike vlees werk. Ons weet dis waar.” En hulle kom hiernatoe en sê: “Ek’s klaar met sonde.” Dis ’n openbare belydenis. Dit doen dit.

295 Nou, julle liewe mense wat hiernatoe opgekom het, eendag moet ek julle ontmoet, suster, oorkant die grens oorkant, elkeen van julle. Ek moet julle daar ontmoet. Ek moet verantwoording doen vir wat ek gesê het. Broers, ek moet verantwoording doen. Julle, julle kon dalk baie mooi dinge gedoen het. Julle het dalk julle ouers gehoorsaam. Het dalk wonderlike dinge gedoen. Maar die grootste ding wat julle ooit in julle lewe gedoen het, is wat julle juis nou doen. Sien? Dis die grootste ding wat julle ooit gedoen het.

296 Nou, as God—as God Sy Gees afgestuur het en bewys het, en toe het die einste Ding deur my gespreek en gesê: “Maak ’n oproep.” Nou, as julle ooit tevore in dienste was, weet julle ek doen dit nie. Ek sal dit aan die pastoor oorhandig. Maar Hy het gesê: “Doen jy dit.” Sien? Toe het ek dit gedoen. Heel gou, ek wou. Daar was iemand hier, en dit was êrens waar ek daardie Lig oor hulle sien beweeg het. Ek het begin. En ewe skielik, het Dit afgebreek. Het julle opgelet hoe Dit verander het? Het gesê:

"Doen jy dit." Gesê: "Roep sommer nou." Dis al wat ek kon doen. Reg. Is al wat ek kon doen. Hier is julle.

297 Nou, Jesus het gesê, in Johannes 5:24, sien, is dit, dat: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe." Glo jy dit, seun? Glo julle dit, elkeen van julle manne? Glo julle vroue dit? Dis al wat julle sou kon doen.

298 Wat doen julle dan? Aanvaar. Niks wat jy kan doen nie. Sê: "Here," in jou hart: "ek's jammer oor wat ek gedoen het. Ek aanvaar graag wat Jesus vir my gedoen het. Vanaand, van hierdie uur af aan, gaan ek vir Hom lewe. Ek gaan Jesus Christus aanvaar as my Redder. Ek gaan Christelike doop aanvaar. Ek glo dat U my met die Heilige Gees sal vervul. Ek wil vir U lewe."

299 Net 'n rukkie en julle sal vind alles het verander, en jy's 'n nuwe skepsel. Die nuwe lewe kom in, en jy lewe daarvandaan. En ek sal julle weer ontmoet by die oordeelstroon van Christus, elkeen van julle. Ek sal julle daar ontmoet, en ek sal verantwoordelik moet wees vir wat ek . . . God sal my verantwoordelik hou. Maar as julle dit sal aanvaar op . . . Sê: "Wat ek ook al gedoen het, U weet, ek het nadergeloop hier voor hierdie mense om te wys dat ek jammer is. Ek maak nie . . . Ek het nie bedoel om dit te doen nie. Ek wil dit nie meer doen nie. Ek's klaar." Dis wat . . .

300 Nou wil ek hê julle moet julle hoofde buig. Ek wil hê elkeen van julle broers en susters moet julle hande op my lê. Ek wil hê elke kerkmens hierbinne, elke Christen, moet julle hoofde buig in ootmoedige gebed terwyl ek bid. En sal julle saam met my bid, dat God hierdie versoek sal toestaan?

301 Nou, Hemelse Vader, hier staan 'n vrou wat huil, 'n jong vrou, pragtige jong vrou staan hier, huil. Sy . . . [Broer Branham gaan voort met bid saam met die mense. Leë kol op band—Red.]

302 . . . op U bevestiging wat U gesê het U sou doen. U het belowe U sou dit doen. U het neergedaal en die siekes en sterwendes genees, en hulle is verander van die dood na die Lewe.

303 En toe het sommige, geestelik sterwende, het hulle na die atlaar gehaas. Die Engele van die Hemel is verheug, volgens die Woord van God. "Die verlorenes het teruggekeer." Jesus het duiwels uitgedryf deur die vinger van God, maar toe Hy 'n skaap gered het, het Hy hom oor Sy skouer gesit, die sterkste deel van Sy liggaam, en hom ingebring.

304 Nou hier is hulle, Here. Hulle is U s'n. Ek wy hulle toe aan U, as liefdestekens van U Teenwoordigheid vanaand. Hou hulle, Here, in volmaakte vrede. En gee vir hulle die Ewige Lewe, dat hulle nooit mag vergaan nie, maar vir ewig lewe. God, U het belowe dat U hulle sal opwek op die laaste dag. Ek glo dit. En hulle is U s'n.

305 Nou met ons hoofde gebuig, almal. Ek wil julle wat so pas na die altaar gekom het, vra, dat uit—uit die diepste van julle hart, julle in opregtheid kom. En uit die diepte van julle hart julle glo die Bybel is reg; dat Jesus Christus, God se Seun, in julle plek gesterf het. Julle is dit nie waardig nie. Julle is onwaardig. Julle weet dit. Maar omdat julle onwaardig was, het God Hom gestuur, die Waardige; dat julle, in julle onwaardigheid seuns en dogters van God gemaak kan word. Niks. . . Maar net iets in jou hart sê jou dat dit reg is, en jy aanvaar dit. Jy glo Dit met jou hele hart, en aanvaar Hom as jou Redder. Niks wat jy gedoen het nie, maar wat jy glo dat Hy gedoen het. Glo julle dit. Ek wil hê julle moet julle hand opsteek, sê: "Ek sal nou, in die Naam van Christus, Jesus Christus, aanvaar om my plek daar in te neem." Dis al wat Hy wil doen, jou plek inneem. God seën jou, en seën jou. "Hy sal my plek inneem."

306 Nou wil ek hê julle moet reg omdraai na die gehoor, reg na die gehoor toe. Draai reg om hierdie kant toe, na die gehoor toe. Ek wil hê julle mense wat staan, bid, ek wil hê julle almal moet kyk na hierdie mense. Hou hulle nou dop soos hulle hulle hande opsteek.

307 Julle wat weet dat julle sondaars was, en nou het julle oorgegaan van die dood na die Lewe, steek julle hande weer in die lug op, *so*. Steek julle hande op. Ek wil hê julle in die gehoor wat hulle aanvaar as julle broers en susters, moet julle hande *so* opsteek. Nou, daar het julle dit.

308 Glorie aan God! Lof sy aan God! Hulle is U s'n. Hulle is die seuns en dogters van God, die verlosdes.

309 Nou laat ons, elkeen buig, ons hoofde, en dank bring aan God vir wat Hy vir hulle gedoen het.

310 Hoeveel hierbinne, wat siek was, siek gevoel het, en nou steek jy jou hand op, sê: "Ek glo dat die Teenwoordigheid van Jesus Christus, vanaand my gesond gemaak het. Ek is nie meer siek nie." Steek op julle hande, elkeen. Kyk net hier, die hele gehoor. Mooi. "Ek is gesond deur die Bloed van Jesus Christus."

311 Nou, laat ons weer ons hoofde buig. En elkeen, julle mense, stap nader, lê julle hande op hierdie mense, julle Christene. Julle wil hulle die regterhand van gemeenskap gee, en hulle seën, en hulle uitnooi na julle kerk, of wat julle ook al doen. God wees met julle.

312 En laat ons nou ons hoofde buig. En elkeen van ons, op ons eie manier, dank bring aan God vir wat Hy gedoen het. Goed. Laat ons ons hoofde buig.

313 Broer Mack, waarom kom jy nie hiernatoe en lei ons in hierdie gebed nie. Ja, Here. Ja.

Gaan, Maak Jesus Wakker AFR63-1103
(Go, Wake Jesus)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 3 November 1963, by die Grantway Gemeente van God, in Tucson, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2015 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org